**WEN!** **BUFFELJAGKOMPETISIE** Grootste jagprys in Suid-Afrika se geskiedenis ter waarde van meer as R500 000! SIEN BLADSY 18

Die tydskrif vir die jagter en bewaarder / The magazine for the hunter and conservationist

# JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
# HUNTER



## JAG DOER ONDER IN KIWI-LAND

KOSRUBRIEK
## VERWELKOM DIE LENTE MET 'N TAPAS-FEES

## HUNTING AFRICA'S STRIPED HORSE

WINGSHOOTING
## YOU ONLY NEED TWO BRICKS

JAGSTORIE
## GEMSBOK-BULLE VAN DIE NOORD-KAAP

## ISTANBUL SILA'S MONZA .308 WIN RIFLE AND VORTEX DIAMONDBACK TELESCOPE

UITGAWE • EDITION
SEPTEMBER – OKTOBER 2022
NO. 10180
RSA R75.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N$75.00



REFLECTIONS
### A LETTER TO THE KAROO



JAGSTORIE
### JAG SONDER GRENSE



HERLAAI
### AANVOORWERK VIR LADING ONTWIKKELING

9 770259 935002 10180


DISCOVER A HUNTING RIFLE WHERE EVERY SHOT MAKES THE DIFFERENCE
STEYR ARMS
STEYR MANNLICHER
THE STEYR MANNLICHER SM12® AND CL II SETS A NEW STANDARD FOR EXCELLENCE IN ALL-PURPOSE HUNTING RIFLES.
EXCELLENT TRIGGER MECHANISM INCLUDING HAIR TRIGGER OPTION
ONE OF THE SAFEST BOLT-ACTION RIFLES
COLD HAMMER FORGED BARREL FOR LIFETIME DURABILITY
Available in: .243 WIN, 6.5X55 SWED, .270 WIN, .308 WIN, 7X64 BREN, .30-06 SPRING, 8X57 JS, .300 WIN MAG, .300 WSM, 8X68 S, 9.3x62 MAUSER
Now also available in: 375 H&H
Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.
Distributed by
ISS INYATHI SPORTING SUPPLIES
Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net
Terms & conditions apply. E&OE. While Stocks last.
ISS200203 STEYR SAJ 275x210

JAGTER SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN HUNTER

WEBTUISTE
*www.sajagterhunter.com*

ALGEMENE NAVRAE
084-554-0611 (kantoorure)

## REDAKSIE

**REDAKTEUR:** Francois van Emmenes
francois@sahunter.org
francois.emmenes@media24.com
**PRODUKSIEREDAKTEUR:** Elfriede Ainslie (Taalversorging)
elfriede@sahunter.org
**SUBREDAKTEUR:** Marisa Beeton (Taalversorging, webblad en sosiale media)
marisa@sahunter.org
Marisa.Beeton@media24.com
**KOS-SUBREDAKTEUR:** Karla Janse van Vuuren
**UITLEG EN ONTWERP:** Marthie van Dyk
marthie@sahunter.org
Marthie.vanDyk@media24.com
**KANTOORBESTUURDER:**
Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
**MEDEWERKERS:**
Herman Jonker
Kassie Kasselman
Prof. Brian Reilly
Pierre van der Walt
Johan van Wyk
Cassie Nienaber

## ADVERTENSIES

**BESIGHEIDSBESTUURDER:**
Dirk Lamprecht
Dirk.Lamprecht@media24.com
**ADVERTENSIEKONSULTANT:**
Jacques Boshoff Tel: 012-485-9357/079-528-8793
Jacques.Boshoff@media24.com

## NAVRAE EN INLIGTING

**INTEKENARE:**
Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361
E-pos: subs@media24.com
**SAJWV-LEDE:** Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za
**RAKVERKOPE:** Armand Kasselman
Tel: 021-503-7164
E-pos: armand.kasselman@onthedot.co.za

MEDIA24

**MEDIA24** WEEKLIKSE TYDSKRIFTE
**HOOFBESTUURDER:** Minette Ferreira
**UITGEWER:** Theuns Venter
**ADMINISTRASIE:** Johan Terblanche
**SIRKULASIEHOOF:** Johan Sadie
**KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:**
Armand Kasselman
**INTEKENARE:** Elmarie Eygelaar
**HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE:** Ishmet Davidson
**HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE:** Jameelah Conway

Gedruk deur
CTP Printers Kaapstad

**UITGEGEE & VERSPREI:**
Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271,
Kaapstad, 8000

PUBLISHER RESEARCH COUNCIL



© Kopiereg ***SA JAGTER/HUNTER.*** Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.


**SEPTEMBER - OKTOBER 2022**

# INHOUD




COVER:
**Zebra photo:** Ziggi Hugo
**Rifle photo:** Istanbul Sila's Monza .308 Win rifle and Vortex Diamondback telescope.

## RUBRIEKE


**4** ONDER DIE KAMEELDORING/ UNDER THE CAMEL THORN

**6** BOSPOS

**8** KOMPETISIE

**10** SNELVUUR

**12** DOOIERUS – EK WONDER...

**40** VERWELKOM DIE LENTE MET 'N TAPAS-FEES

**48** BOKSPOG

**70** IN DIE HERLAAIKAMER/ IN THE RELOADING ROOM


## SAJWV


**44** **SA JAGTERS: NAMAKWA-TAK – MOSSIE MAAR MAN!**
LIZANNE NEL &
ANDRÉ VAN DER MERWE



**BUFFELJAGKOMPETISIE**
**GROOTSTE JAGPRYS**
**IN SUID-AFRIKA SE GESKIEDENIS**
**TER WAARDE VAN MEER AS R500 000!**


SIEN BLADSY 18


## ARTIKELS


**14** **RIFLE AND TELESCOPE TEST – MONZA .308 WINCHESTER AND VORTEX DIAMONDBACK 6-24X50 TELESCOPE**
This superbly accurate rifle and easy-to-use telescope are a winning combination and excellent value for money.
FRANCOIS VAN EMMENES

**20** **HUNTING AFRICA'S STRIPED HORSE**
A tenacious quarry with a lot of kick!
THINUS STEYN

**24** **JAG DOER ONDER IN KIWI-LAND**
Afrika word as die jagmekka beskou, maar Nieu-Seeland hou sy eie unieke uitdagings en avonture vir die jagter in.
KARL HERMAN

**30** **GEMSBOKBULLE VAN DIE NOORD-KAAP**
Die Noord-Kaap se gemsbokke is maar net anders.
ANDRÉ GERBER

**36** **YOU ONLY NEED TWO BRICKS**
A good wingshooter needs to be a specialist in various fields...
KOBUS DE KOCK

**50** **JAG SONDER GRENSE**
Doen jouself 'n guns en gaan jag op 'n plaas sonder grense.
MELLIES

**58** **A LETTER TO THE KAROO**
The Karoo has a way of endearing itself to the hunter's heart.
WAHEED MAHOMED

**62** **DO MANUALS LIE? MAKING HEADS OR TAILS OF RELOADING MANUAL DATA**
Reloading is not for the faint-hearted and can be very confusing. Different reloading manuals publish different loads – they are all correct, but not identical.
PIERRE VAN DER WALT


## PRODUCT TESTS/PRODUKTOETSE


**28** **SCHÜTZE FIREARM MAINTENANCE PRODUCT RANGE**
Effective, affordable products that give your trusty firearm the treatment it deserves.
PIERRE VAN DER WALT

**54** **LOVEX-DRYFMIDDELS**
Herlaaiers kan nou uitsien na 'n dryfmiddelreeks wat algemeen verkrygbaar en boonop meer bekostigbaar is.
FRANCOIS VAN EMMENES, KASSIE KASSELMAN EN DR. HAROLD VAN NIEKERK

**66** **PANGOLIN-VOERTUIGKLUIS**
Hou jou vuurwapens en waardevolle items veilig wanneer jy reis en vakansie hou.
FRANCOIS VAN EMMENES



Deur FRANCOIS VAN EMMENES

# WALGLIKHEID

'N skokkende opskrif? Ek hoop dit laat jou regop sit. Aan die einde van Augustus het ek 'n Facebook-video op een van die jaggroepies gesien wat my gewalg het. Dit is van 'n jong seun, wat ek skat so ses of sewe jaar oud is, met 'n bloedbesmeerde gesig en 'n bok se ingewande wat om sy nek hang. Hy word lewer en 'n bok se testes gevoer, oënskynlik deur sy pa en dié se vriend. Ek ken nie die pa nie en weet dus nie wie hy is nie.

Ek moes al self 'n happie lewer in die jagveld eet toe ek my eerste springbok geskiet het. Ek was ook al by toe 'n pa sy seun 'n bloedmerkie op die voorkop gegee het nadat die knapie sy eerste bok gejag het. Daar was geen oordadigheid by betrokke nie en dit was binne perke en met respek gedoen – 'n ritueel van "grootword" as 'n jagter. Die groteske, afstootlike aard van hierdie video is egter 'n perd van 'n ander kleur. As ons as jagters nou nog nie besef dat die wêreld se oë vierkantig op ons gerig is nie, dan weet ek nie... Ons word elke dag uitgekryt as bloeddorstige wreedaards wat plesier daaruit put om diere af te maai. Ons word psigopate genoem, versteurde mense wat sielkundige hulp nodig het – die lys is lank. Ons gedrag in die jagveld en wat ons op sosiale media verkondig, sál 'n bepalende rol in ons jagtoekoms speel. Dit is tyd dat ons dit besef en baie mooi dink oor ons doen en late en wat ons met die wêreld deel. Is dít die beeld wat ons wil uitdra? Wat het van ons as jagters geword, vra ek?

I am probably "preaching to the converted" here as I do not believe that this type of behaviour is commonplace amongst hunters in general and our readers specifically, but as the saying goes, "It takes one bad apple to spoil the whole barrel..." This video reminded me of another Facebook video that circulated a few years ago of a group of drunk "hunters" lying passed out early morning under a tree, on the back of a bakkie, and on chairs. I suspect that this video was made in jest. Nonetheless, it caused serious damage to our reputation as hunters as a whole.

Ek is nie 'n sielkundige nie en kan my nie oor die sielkundige en emosionele gevolge op die seuntjie uitlaat nie, maar ek wonder watter skade aan hom gedoen is? Ek wonder wat hy geleer het? Wat gaan hy doen as hy eendag sy eie kinders het, en wat gaan hy húlle leer?

Tot volgende keer...

*Francois*

SAFARI COUNTRY




| JOHANNESBURG | PRETORIA | STELLENBOSCH | OOS-RAND | WES-RAND |
|---|---|---|---|---|
| TEL: 086 114 3545 | TEL: 086 122 2269 | TEL: 086 111 4330 | TEL: 086 100 0071 | TEL: 086 111 4324 |

BESOEK ONS NUWE SAFARI COUNTRY WINKEL IN NELSPRUIT • TEL: 013 813 5500

Volg ons op sosiale media of Besoek ons webwerf www.so.co.za

# BOSPOS



## ONS WIL VAN JÓÚ HOOR!

Briewe van ons lesers is vir ons belangrik. Jou insette en opinies, wedervaringe in die jagveld en interessante stories of nuus is altyd welkom, asook jou kommentaar op die tydskrif se inhoud. Stuur jou brief aan ***marisa@sahunter.org*** en staan 'n kans om 'n geskenkbewys ter waarde van R1 000 van ***Safari Outdoor*** te wen! Hou jou brief verkieslik onder 300 woorde en verskaf asseblief jou naam en kontakbesonderhede. ***SA JAGTER/HUNTER*** behou die reg voor om briewe te redigeer en te verkort.

WENBRIEF

### DIÉ TRADISIE ONAANVAARBAAR

Na aanleiding van die video wat ek onlangs gesien het van 'n jong seun met derms om sy nek wat gedwing word om dan nog lewer en geslagsdele te eet, wil ek eerstens vir my pa en sy vriende dankie sê dat hulle nooit my, my kinders of eerstekeerjagters aan iets so swak blootgestel het nie. As ek so 'n video sien, kan ek verstaan waarom die algemene publiek ons jagters in 'n slegte lig beskou. Hoe verduidelik ek aan nie-jagters wat dit sien dat dit nie normale praktyk is nie?

Ek wonder wel of die persone wat die video geneem het, self ook vrywillig sal aanbied om met derms om hulle nek rond te loop (voor daar enige drank gedrink is) en te eet wat die jongman moes eet. Ek glo ek kan nie van my kinders verwag om iets te doen as ek dit nie self kan doen nie.

Ek is groot voorstander daarvan dat jag nie net oor die skiet van 'n bok gaan nie, maar oor die tradisie en alles wat daarmee saamgaan. Dit wat op die video gewys word, is egter 'n tradisie wat nie in ons midde hoort nie.

Baie jagters geniet 'n Jägermeister tydens die jag en dis ook by baie 'n tradisie saans om die kampvuur. Kyk ons egter na die woorde op die Jägermesiter-etiket, twyfel ek sterk of die video enigsins eerbied/respek teenoor die dier, die jag of die Skepper betoon.

Engelse vertaling van Jägermeister-etiket

*Hunter's salute:*

*It is the hunter's shield of honour, that he protects and takes care of his game,*

*hunts ethically, as it should be, honours the Creator in the creatures!*

**RUDI BRITZ**

** Rudi wen die R1 000-geskenkbewys van Safari Outdoor. Baie geluk Rudi!*




### DINK VÓÓR JY DOEN

In my jong dae kon ek 'n hele oggend lank rondstap agter wild aan en teen tienuur, ná my lemoen en 'n sluk water, weer gemaklik opstaan en verder jag. In my sewentigs vind ek myself met veel minder krag en veel meer geluide. Maar vandag is ek half stil...miskien nie oor my ouderdom nie, maar oor my ontsteltenis. Hoe stop ons ooit sekere stommiteite? Ek sien 'n video op die (let wel) wêreldwye web, waarin 'n paar manne lag en gekskeer met 'n klein seuntjie. Die arme mannetjie moet eers 'n stuk rou lewer inwurg en dan 'n knater opeet. Hy sukkel effens met die lewer, maar darem minder met die knater. Die manne lag en geniet dit gate uit. Een van hulle is sy pa, wat erg trots klink op die mannetjie se "prestasie".

Die ergste is dat die arme kind met die hele ingewande van 'n bok om sy kaal bolyf moet staan. Ek het gevra of hulle weet hoeveel siektes in rou lewer kan voorkom, veral wildslewer. Baie mense eet nie eens gaar lewer nie, en ek glo so 'n ervaring sal baie kinders vir ewig afsit van 'n lekker lewer- (en niere-) gereg. 'n Deel van my opleidingskampe vir junior jagtertjies was juis om aan hulle die waarde van die hele bok te leer: die vel, horings, vleis en die hele harslag. Baie het grootoog en verleë gelag by die eet van 'n "pofadder" of "skilpadjies" as hulle gesien het dis nie regtig 'n slang of dooie skilpad nie.

Daarenteen sal hierdie video's oor die "inlywings" ook sekerlik by baie mense afkeer wek teenoor jagters en hul sieklike idees oor waaroor die eerste bok eintlik gaan.

In Augustus het ek 'n foto van 'n trotse jagter en sy "professionele jagter" gesien. Die trotse buitelandse jagter spog met sy 99ste bok, 'n swartwitpensbul. Dit pla my dat hulle spog oor die feit dat dit die 99ste bok is. Ek is juis besorg daaroor dat 'n mens moet waak daarteen om nie die fisant op die miershoop te word nie: Vandag is dit "soveel bokke", môre is dit "myne is dikker", en volgende week is "myne die langste". Daar is 'n plek vir die grootste trofeë, want só gee ons ook erkenning aan besonderse bokke. Daar is egter 'n fyn lyn tussen "brêg" of met respek erkenning aan 'n spesiale trofee gee.

'n Paar dae later, en hier is dieselfde jagter weer – dié keer met sy 100ste bok, 'n kameelperd. 'n Mens sien net-net dat dit 'n kameelperd is, want die jagter sit baie breed voor bó-op die kameelperd se voorpote. Hy steel eintlik die bok se eer. Ek was verstom, want ek het soms self oorsese jagters veld toe vergesel en hulle is baie gesteld op hoe hulle die trofeefoto hanteer: geen geweer nie en dikwels verskyn hulle self nie eens op die foto nie (alles om die aasvoëls op www te ontkom). Ek móés net iets daarop sê. Ter erkenning aan die professionele jagter, moet ek sê dat hy my respekvol geantwoord en die situasie verduidelik het.

Om alles te vererger, lees ek boonop op die web 'n tydskrifartikel deur die vyand van jagters, waarin sy beweer dat die meeste Suid-Afrikaners teen jag (veral trofeejag) gekant is. Sy grond haar antwoord op die ondervraging van 3 599 persone. Ongelukkig kry ek nie die volle koerant in die hande nie,

maar ai! Ek wonder hoeveel van SA Jagters se ongeveer 43 000 lede in berekening gebring is?

Hoe dit ook al sy, dit is al hierdie geluide uit die bos waarop ons as ernstige jagters bedag moet wees. En ons moet soos een man daarop reageer. As jy nie met die arme klein mannetjie se "inlywing" saamstem nie, moet jy vir jou siening opkom. Die oormag is groot en die aanslag fel.

Kyk maar na die "gewapende stryd" wat ons voer oor ons vuurwapens, sekere opswepende liedere, ons eie veiligheid, dissipline in skole, en só kan ek aangaan.

Ons moet dink vóór ons doen, en ons moet mooi dink wát ons doen en wáár ons dit doen – grootbroer www is oral!

Voordat jy my aanval: Ek is 'n gekwalifiseerde blokman en 'n afgetrede departementshoof uit die onderwys. Ek jag al sedert ek tien was (63 jaar lank) en is 'n professionele jagter (Oos-Kaap, 2012). Afgesien van die jagboek *Jag jy al, of skiet jy nog?* wat ek geskryf het, lewer ek al jare lank artikels aan *Landbouweekblad, Man Magnum, SA JAGTER/HUNTER, Wildland en Wild & Jag.*

Dink mooi: Dra jy positief tot ons bedryf by?

**COBUS A. ERASMUS**

## JAG OP GHAAP SE BERG ALTYD LEKKER

Ek het Francois van Emmenes se Ghaap-koedoejag-artikel, "Koedoejag op die Ghaap se Berg" (SA JAGTER/HUNTER, Augustus 2021), baie geniet, want ek het byna dieselfde beleef op my swaer, Johan Aucamp, se plaas Swartput tussen Koopmans en Daniëlskuil. My ervaring was dat koedoes die meeste van die rondtes wen, want hulle sintuie is net té goed.

Koedoejag op die Ghaap se Berg is lekker, maar kan ook baie frustrerend wees. Die lekker deel is dat daar nie berge of klowe is om te klim nie. Die stap is baie ontspannend, want jy stap stadig. Dit is ook normaalweg baie maklik om jou jagbuit te herwin omdat daar nie berge is waarteen die koedoe uitgedra hoef te word nie. Jy ry tot by die karkas en laai dit op.


FOTO: Danie Malan.

Ek en Filand, my jagmaat, moes dikwels alleen 'n grote laai. Om die bul te laai, ry jy in trurat met die bakkie tot amper teen die bok se boude, merk die agterwiele, ry vorentoe en grawe gate sodat die bakkie se agterkant kan sak. Omdat die wêreld gelyk is, is hoë 4x4's onnodig. Sodra die gate gegrawe is, ry jy daar in. Dan word die bul se kop en borsgedeelte opgetel en oor die boude op die bak gegooi, dus kop-oor-gat; kop eerste, want dan haak die ribbes nie teen die bakkie se rand nie. Dit klink maklik, maar dit het al ons krag gekos om dit reg te kry.

Die frustrerende deel van die jag op Ghaap se Berg is dat die koedoes se sintuie uitstekend is – hulle weet lankal van jou voor jy hulle sien. My strategie was om net te gaan jag as die westewind baie sterk waai. Dan stap ek van oos na wes met die son agter my rug. Die veld moet raas van die wind sodat die koedoe jou nie maklik hoor nie. Ek het verskeie kere só sukses behaal.

Die gelyk wêreld maak dit moeilik om te sien, soos wat Francois in sy storie vertel. Ek het selfs oorweeg dat Filand vir my 'n leer moet saamdra om oor die vaalbos te kan sien, maar het dit nooit gedoen nie. Namiddagjag was weer as die suidoos sterk waai. Ek het dan van die pannetjies na die veeposte gestap en waar die bos plek-plek oopmaak.

**DANIE MALAN**

## SIEK!

Ek verwys na 'n video wat aan die einde van Augustus op WhatsApp en Facebook die rondte gedoen het. Die video is van 'n klein seuntjie met 'n bloedbesmeerde gesig en bokderms om sy nek gedrapeer wat lewer moes eet.

Dit is siek en niks om oor te spog nie! Dan wonder ons nog waarom jagters so 'n slegte naam kry!

Hierdie is die mees diplomatiese woorde waaraan ek kon dink sonder om te vloek. Watse voorbeeld en watter opvoeding gee jy vir so 'n kind? Dis pateties en skokkend.

**LOUIS FOURIE**

## NIKS IS BETER AS DIE NATUUR NIE

Die afgelope naweek was my man en seun op 'n mannenaweek. Maandag kry ek die stemboodskap. My man is hees en sy stem jaag. Ek sien die foto's wat op my selfoon verskyn en dink dis vlakvarke wat hy vir my afneem – dís mos wat 'n mens in die jagveld verwag. Ek vergroot die foto en dan sien ek die rede vir sy heesheid...

Hy vertel hoe groot hy geskrik het. In die jagveld is 'n mens mos altyd paraat, maar wanneer jy op 'n koedoe ingestel is en daar is skielik 'n kraalogie wat laag op die grond vir jou loer, is daar meer dinge wat deur jou gedagtes gaan. Terwyl hy die wêreld rustig en vreedsaam bespied het, het die drie renosters enkele treë voor hom verbygestap. Op 'n foto lyk hulle klein, maar in die werklike lewe is dit 'n ander storie!

Soos in 'n rolprent, het hy na die naaste boom gesoek, sou dit nodig wees. Gelukkig het hy tussen die gejaagde asem en woeste hartklop onthou dat renosters volgens die slim mense nie goed kan sien nie. As hy doodstil bly sit, was die kanse goed dat hulle hom nie sou gewaar nie. Ek kan net dink hoe dit moet voel as daardie klein ogies vir jou loer, want agter daardie ogies is 'n groot gewig wat jou sal vermorsel.

Gelukkig kan die renosters die skuld kry vir die misskote daarna, want hoe stabiliseer 'n mens jou hart om weer na ander bokke te skiet ná so 'n groot skrik?

Die jagveld lewer vir seker jaarliks 'n groot aantal stories op. Nes vissermanne, is daar ook altyd die langste horings, die grootste bulle of die perfekte skoot.

My man het nietemin ook die perfekte skoot geskiet en die koedoe het geval. Hy en die naaste jagter het mekaar van opgewondenheid omhels. En natuurlik van 'n bietjie trots ook, want dit doen iets aan 'n man se ego om 'n bok plat te trek, veral as jy 'n stedeling is.

Toe hulle egter naderstap, het die koedoe opgevlieg en weggehardloop. Miskien is dit sy adrenalien wat hom gedryf het. Eers het hulle verstar en verdwaas gestaan. Hoe is dit moontlik? Hulle het die bloedspoor »

# WEN!

**SMS 38407**

**VIER GELUKKIGE LESERS STAAN DIE KANS OM DIE ONDERSTAANDE TROTS SUID-AFRIKAANSE PRODUKTE TE WEN:**

**SMS "DOVETAIL", "KAPPETIJN" OF "HAMILTON" MET JOU NAAM NA 38407**

SMS kos R1,50. Kompetisie eindig 5 NOVEMBER 2022 en die wenner sal telefonies in kennis gestel word. Volledige bepalings en voorwaardes is beskikbaar op ons webwerf by *https://www.sajagterhunter.com/wen/bepalings_en_voorwaardes*

## HIERDIE MAAND SE PRYSE:

### DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

**SMS "DOVETAIL" MET JOU NAAM NA 38407**



**Twee lesers kan elk 'n ammunisiekissie in die kaliber van hul keuse wen.**

Die Dovetail-ammunisiekissies word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by **083-257-4041** vir meer inligting. Elke kissie is ongeveer R525 werd.

**AUGUSTUS SE WENNERS:**
Derryth Radloff
Bernard Oosthuizen

### DENNIS KAPPETIJN-MES

**SMS "KAPPETIJN" MET JOU NAAM NA 38407**



**Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500.**

Vir meer inligting, besoek hul webtuiste by *www.kappetijnknives.com* of kontak ons by **082-923-5639 / 082-968-4242**

**AUGUSTUS SE WENNER:**
Pierre Cilliers
(Kontak Linita by 082-968-4242 vir jou prys.)

### PROMARK/STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

**SMS "HAMILTON" MET JOU NAAM NA 38407**




**Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerdrag, ens.) kan elke maand gewen word.**

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by *www.stevensonhamilton.co.za.*

**AUGUSTUS SE WENNER:**
Dirck Smith

**Die name van SEPT/OKT 2022 se pryswenners sal in die volgende uitgawe van SA JAGTER/HUNTER-tydskrif verskyn en ook op ons webtuiste bekend gemaak word.**

# BOSPOS (VERVOLG)

» gevolg, maar moes op 'n stadium tou opgooi. Ek het self 'n soortgelyke gebeurtenis in Namibië gehad. Ons het die volgende dag teruggegaan en weer op die bloedspoor geloop, maar tevergeefs.

Soms wen 'n mens en soms verloor jy, maar daar is tog iets aan daardie foto en die spog met jou skietvernuf. Om egter leëhand huiswaarts te keer is glad nie lekker nie en die storie sal mettertyd met baie emosie vertel word.

Nogtans is so 'n dag in die veld altyd die moeite werd net om die mooiheid en rustigheid van die natuurskoon te geniet. Ek sien die bloedrooi aalwynblomme op die agtergrond en besef dis weer spogtyd in die Karoo. Wanneer ek weer na die stemboodskap luister, hoor ek die tortelduifie op die agtergrond koer – so spesiaal.

Hier in die stad mis ons so baie. Die ongereptheid van die natuur. Die stilte. En dat daar elke dag in die veld 'n bederfkans is, al is dit renosters wat uit die bure se wildkamp weggebreek het. Of die wonder van die natuur met 'n gekweste bok wat sy dood vryspring.

Desnieteenstaande is dit die woorde van C Louis Leipoldt wat by my opkom: "Hier is ek tuis, my land is hier!"

**LYNETTE STRYDOM**

## KOM ONS PRAAT OOR BAKKIEJAG

Ek dink dit is 'n blink gedagte om die kwessie van "bakkiejag" aandag te gee en deel graag my opinie met julle. Persoonlik dink ek daar is 'n korrelasie tussen bakkiejag en ver skiet, en albei jagmetodes hoort goed geroer te word. Gevorderde skiethulpmiddels, soos teleskope wat soos duikbote lyk en slimfone met toepassings, het veroorsaak dat bereikbare afstande aanhoudend verder raak – derhalwe die tendens dat bakkiejag gesog geraak het as jagmetode. Ek dink baie jagters raak nou só afhanklik van die tegnologie dat veldkuns en jagkuns verlore sal gaan. Gaan ons net bokke skiet en nie werklik meer jag nie? Ek het selfs al gewonder of hierdie tendens ons jagidentiteit en jagkultuur nadelig kan raak.

Ek dink daar is tog 'n plek vir bakkiejag as jagmetode, soos byvoorbeeld in die Kalahari en onder sekere omstandighede. Ek kry egter wel 'n geurtjie as die ouens uitgelate spog met hul "jag" waar dit eintlik van 'n bakkie af gedoen is. Die uitdaging wink egter om oor bakkiejag en ver skiet te praat en te skryf omdat dit verband hou met jagetiek, waaroor heelparty bekgevegte al gevoer is. Daar kan dus ook verwag word dat sekere jagters 'n skuldgevoel sal ontwikkel en hul "jagpraktyke" sal wil regverdig deur aan te voer dat hierdie onderwerp soos 'n ou bok is wat reeds kurkdroog uitgebloei is. Wat my betref, is so 'n gesprek uiters noodsaaklik, maar dalk moet 'n bepaalde invalshoek gevestig word wat die klem plaas op verantwoordelike jag, en die term "jagetiek" in die tweede sigveld gehou word.

**GERHARD COREEJES**

*Wat sê ons lesers? – Red.*

## DANKIE VIR DIE PRYS

Hiermee my opregte dank om as die wenner van die Bore Tech-kompetisie in die Julie 2022-uitgawe aangewys te wees. Dankie ook aan Inyathi Sporting Supplies wat die Bore Tech-skoonmaakmiddels aan my gestuur het.

**DUP DU PREEZ**



# SAVUTI ARMS

**Dealers in Arms and Ammunition**

**Handelaars in Wapens en Ammunisie**

**Tel:** 011 915 0138 / **Tel:** 011 915 0145
Carnival Centre, East Rand
Cnr Rangeview and Lawrence Rd, Brakpan
GPS: S26°15,061 E028°18,815
info@savutiarms.co.za
**www.savutiarms.co.za**
Savuti Arms is on Facebook.

**BESTELLINGS EN AFLEWERINGS LANDWYD - POSTNET, RAM & COURIER GUY.** *T's & C's Apply*

## DIE PUNTE-, LANGAFSTAND- EN *BIG BORE*-WINKEL

**Hierdie winkel is vir die herlaaier.** **This shop is for the reloader.**




BERGER BULLETS
Nosler Bullets for Sportsmen
WINCHESTER RIFLES AND SHOTGUNS
norma DEDICATED SINCE 1902
SIERRA The Bulletsmiths
Hornady Accurate. Deadly. Dependable.
Swift BULLET COMPANY
RCBS
BARNES OPTIMIZED FOR YOUR TARGET™
LAPUA

SIGHTRON
NIGHTFORCE
BURRIS
LEUPOLD
NikkoStirling OPTICS FOR SPORT. SINCE 1956
LYNX
HAWKE
VORTEX OPTICS
SWAROVSKI OPTIK
SIG SAUER NEVER SETTLE

Dillon Precision Products, Inc.
REDDING RELOADING EQUIPMENT
LEE PRECISION, INC.
RCBS

BOYDS HARDWOOD GUNSTOCKS
AT-ONE THE ADJUSTABLE GUNSTOCK














## SAVUTI ARMS

**Special imports available on request.**

Visit our page https://www.savutiarms.co.za/ or Like us on Facebook www.facebook.com/savutiimports

# SNELVUUR

KORTLIKS ▸ NUUS ▸ INTERESSANT OM TE WEET ▸ BEWARING ▸ JAG

NEWS

## PHASA SHOOTING DAY

### Are you the best shot?

Come and prove it by attending The PHASA Foundation's National Shooting Day on 22 October 2022! The shoot will start at 08:00 at the Magnum United Shooting Range on the R104 Bronkhorstspruit Road outside Pretoria.

Shooting is open to everyone and prizes to the value of R50 000 can be won. This fun, informal event includes five shooting stations, testing skills ranging from a *kettie* to a bigbore rifle. There is also a Fun Shoot for individuals at R50 for five shots. A team consists of four shooters (R2 000 per team). This popular event can be enjoyed with family and friends alike. The main sponsor partner is Rhino Bullets, whose bullets will be for sale at the range. This proudly South African company will showcase its excellent bullet performance with an exciting ballistic demonstration.

The entry fees include a braai pack, pap and sauce, and salads. Additional braai packs can be ordered for non-shooting guests. Entries close on 14 October 2022.

For more information, contact Pieter Potgieter on 083-442-0578 / *president2021@phasa.co.za* or Ilse Joubert 082-588-4852 / *foundation@phasa.co.za*

NEW PRODUCT

## NEW ON THE MARKET – LEICA GEOVID PRO 32 LASER RANGEFINDER BINOCULARS



Leica's latest rangefinder binoculars are now for sale at leading gun shops countrywide. The manufacturer claims that the Leica engineers set out to develop the smallest and best rangefinder binoculars, and that this model sets a new standard in the premium professional segment, with outstanding optics, precise rangefinding, a multifunctional ballistics calculator, and an ergonomic design based on a 32 mm lens diameter. The full list of features packed into the Geovid 32 is too long to mention here, but we are happy to announce that a comprehensive test report will be published in an upcoming edition of SA JAGTER/HUNTER. If you have already bought one, tell us what you think of it by sending an email to *francois@sahunter.org*

SAJWV BIED AAN:

## WEN! WEN! WEN!

### DIE GROOTSTE JAGPRYS IN SUID-AFRIKA SE GESKIEDENIS!

HOOFBORG: Rhino Bullets since 1998

## BUFFELJAGKOMPETISIE



HIERDIE DROOMPRYS TER WAARDE VAN MEER AS R500 000

## BUFFELJAGKOMPETISIE: HET JY AL JOU KAARTJIE GEKOOP?

Die SAJWV-buffeljagkompetisie, aangebied in samewerking met SA JAGTER/HUNTER, Rhino Bullets, Zambeze Delta Safaris en Afrikan Tanning & Taxidermy, sluit op 30 Oktober 2022. As jy nog nie jou kaartjie gekoop het om hierdie droomprys te wen nie, doen dit vandag!

Dit is die grootste jagprys in Suid-Afrika se geskiedenis, met 'n trofee-buffelbul, trofee-Lichtenstein se hartebees en trofeesoenie op die spel. Dit sluit ook die volgende in: ses dae se jag en sewe aande se verblyf vir 'n jagter en sy/haar metgesel by Zambeze Delta Safaris se luukse kamp in die Coutada 11-jagkonsessie in Mosambiek; alle vlugte vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe vir die wenner en sy/haar metgesel; alle kos, drank, wasgoed, taksidermieuitvoerpermitte, jagklere en die gebruik van gewere; die dienste van 'n professionele jagter en sy span; helikoptervlugte oor die Zambezidelta, -rivier en -moerasse. Al die trofeë sal na Suid-Afrika uitgevoer word, waar Afrikan Tanning & Taxidermy 'n skouermontering van die buffel en Lichtenstein se hartebees, asook 'n volmontering van die soenie vir die wenner sal doen.

SA JAGTER/HUNTER se redakteur en die eienaar van Rhino Bullets, Gert Booyse, sal die wenner en sy/haar metgesel vergesel en 'n artikel oor hul wedervaringe sal in die Januarie/Februarie-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER gepubliseer word. Die totale waarde van hierdie spogprys is meer as R500 000! Daag eenvoudig met jou paspoort, klere en kamera by OR Tambo Internasionale Lughawe op; ons sorg vir die res!

Zambeze Delta Safaris jag al sedert 1992 in Coutada 11 in die Marromeu-area suid van die Zambezirivier in Mosambiek. Hierdie jagondernemer is in 2022 as Dallas Safari Club se *Outfitter of the Year* aangewys. Die jaggebied bestaan uit meer as 200 000 ha sonder enige heinings en is die tuiste van 'n enorme aantal jagspesies. Spesiale amfibiese voertuie word gebruik om die sowat 25 000 buffels in die moerasse te bereik. Volgens diegene wat dit al beleef het, is dit 'n ongelooflike ondervinding!

Inskrywingskaartjies kos slegs R100 en jy kan soveel koop as wat jy wil. Blaai na bl. 18 vir die volledige besonderhede of volg die skakel na die veilige webbladinskrywing. Moenie langer wag nie – skryf sommer vandag nog in!

# IRENE ARMS & OUTDOOR OPENS THEIR DOORS IN CENTURION

Irene Arms, formerly known as Pretoria Arms, will be relocating to 2-20 Impala Avenue, Irene Link, Centurion, at the end of September. The new shop will offer 30 m to 200 m shooting ranges with eight bays each. The automated 100 m and 200 m ranges will boast cameras and barrel cooling systems. In addition, the new shop will feature a reloading centre that can assist with load development (spearheaded by SA JAGTER/HUNTER reloading contributor, Kassie Kasselman), as well as an on-site gunsmithing department and fully operational workshop for your gunsmithing needs. The new shop measures 820 m², with an all-new display set-up and 50 rifles on display to handle and look at, all of which can be test-fired on the indoor ranges. "Range packages" will allow clients to shoot a variety of firearms for a fun day out. The shop will also offer competency training for prospective firearm owners, supervised by qualified range officers.

Their sport-shooting club will continue at the new premises every Tuesday night, as will their long-range shooting club. The store will carry a few new brands (*see the Monza rifle test report on p. 14 of this edition – Ed.*) as well as a new optic brand that will be arriving in the next few months.

A fully operational restaurant serving a wide variety of food is situated upstairs. Light lunches, with even the option of venison on the menu, will be available. The restaurant has 86 seats and even a "chill lounge" if you just want to take a break from your busy day. The coffee bar will be open from 06:30 for the early birds to grab a steaming cup of coffee or a light breakfast.

BOEKRESENSIE

# AFRICAN DANGEROUS GAME CARTRIDGES




*African Dangerous Game Cartridges* deur Pierre van der Walt, 'n gereelde bydraer tot SA JAGTER/HUNTER, is 'n móét vir elke grootkaliber-entoesias. Die boek is die eerste keer in 2011 gepubliseer en is propvol inligting oor die groot kalibers en hul toepassing – alles wat die huidige asook aspiranteienaar nodig het. So te sê die hele spektrum van kalibers word bespreek in hoofstukke wat elk aan 'n kaliber toegewy is. Die geskiedenis en toepassing van kalibers word behandel en waardevolle herlaai-inligting verskaf – iets wat maar skaars is in die meeste herlaaihandleidings wat geneig is om net die "gewilde" kalibers te dek. Ek het my kopie in November 2011 aangeskaf en dit al vele kere vir navorsing en ladingontwikkeling vir my eie grootkalibergewere gebruik. Die boek was 'n paar jaar uit druk, maar die goeie nuus is dat Pierre dit onlangs weer in sagteband laat druk het. *Eksemplare is beskikbaar by Wildman in Centurion teen R1 495 elk. – Red.*



Safari Outdoor se DGS toets voorwaar jou skietvernuf!

# SAFARI OUTDOOR SE DANGEROUS GAME SHOOT

Safari Outdoor (SO) het op 3 September die tweede Dangerous Game Shoot (DGS) vir die jaar by die Eeufees-skietbaan in Pretoria aangebied. Hierdie kompetisie vind al etlike jare plaas en is uiters gewild. Ek woon dit self al sowat ses jaar by en was nog nooit teleurgestel nie – die beplanning en uitvoering is absoluut uit die boonste rakke!

Tydens 'n DGS-byeenkoms kry deelnemers die geleentheid om hul grootkaliber-gewere te gebruik – hierdie keer op sewe verskillende bane met tussen drie en agt skote per baan. Dit is 'n toets vir jou skietvernuf in elke opsig. Verskeie teikens word gebruik, asook kleie en bewegende (stormende) teikens, wat gewoonlik die manne van die seuns skei.

Wat die skietdag so lekker maak, is dat daar geen groot pryse vir die wenners is nie – die fokus is op erkenning en die gees van die grootkaliber, eerder as op die kompetisie tussen skuts. Goed opgeleide en voorbereide baanoffisiere het die skietery seepglad laat verloop en veiligheid was deurgaans 'n prioriteit. Stuart Bell, 'n ou gees by hierdie byeenkomste, het vir die derde keer met die louere weggestap nadat hy die hoogste algehele telling behaal het met sy Heym 89B in .500 NE. Stephan Fouché was in die tweede plek met sy Verney-Carron, ook in .500 NE, en Jono Joseph het die podium volgemaak met 'n derde .500 NE – 'n Heym 88. Die gelukkige trekkings, geborg deur Zwarovski, Zeiss, Blaser, Triggercam, Leupold, Burris, Byrna, RCBS, Hornady, Uvami en SSG Gun Cases, het 'n allemintige R230 000 beloop. Daar was ook kaartjies vir 'n gelukkige trekking met 'n CZ550 in .458 Win Mag as prys, wat deur JJ Maree gewen is. Elke deelnemer het boonop geskenksakkies ontvang met 'n Safari Outdoor DGS-hemp, Hornady-pet, SO-glas van vlekvrye staal, Leupold-knipmes en 'n Nordiske-pen vir die skoonmaak van lense.

'n Smaaklike middagete is bedien. As ek moet skat, is die waarde wat deelnemers kry met die geskenksakkies meer as die inskrywingsgeld. Die skuts eet en skiet dus eintlik gratis, met 'n baie goeie kans om boonop met 'n teleskoop, verkyker, nuwe herlaaistel en dies meer weg te stap. Hierdie byeenkoms is só gewild dat inskrywings gewoonlik die eerste dag reeds vol bespreek is.

As jy dus volgende keer wil saamskiet, moenie wag nie – skryf onmiddellik in as die inskrywings open!

*Dankie SO, dit was heerlik! – Red.*



**Lnr:** Stefan Fouché (2de plek), Stuart Bell (1ste plek) en Jono Joseph (3de plek).



# EK WONDER...

Partykeer wonder ek hoekom mens oor so baie dinge wonder. Dan troos ek my dis seker maar oor ek met chroniese nuuskierigheid gebore is. Want dié ly ek mos aan, benewens my probleme met 'n agterent wat jeuk en oë en ore wat ek alewig uitleen.

Baie keer wonder ek byvoorbeeld hoe plekke gelyk het voor die mens daar kom penne inslaan het. Soos Kaapstad. Hoe sou Roggebaaistrand gelyk het toe daar nog dierspore gelê het waar nou toringgeboue staan? Dink net: Miskien 'n helder waterstroompie met 'n leeumannetjie wat teen 'n wyfie sit en skuur, daar waar Teazers nou is? Of stel jou Beaufort-Wes voor, sonder die dorp en sy lorries. Nie eens een *speed cop* of bedelaar nie, net die Nuweveldberge wat daar troon. Of Polokwane: 'n Stuk veld sonder 'n enkele taxi!

Wanneer ek oor ongeskonde jagveld staar, wonder ek soms ook oor die eerste intog van setlaars. Hoe dit moes gewees het om met 'n wa en osse en 'n paar ryperde, asook 'n lotjie skaap en bees en hoender en hond, sulke ongerepte natuur in te vaar om dit te gaan rep.

Daar teen 'n rant waar ek vir springbokkies lê en wag, het ek al gewonder watter gesukkel dit moes gewees het – só deur die sandleegtes en oor die skurwe skuinstes met 'n starre dunwielwa. Hoe die ou lomp waens moes gewaggel en gestamp en skuins gehel het, en hoe 'n ma met 'n kind aan die bors en nog twee op die heup so 'n slag onder die watent moes geswets het.

Ander kere, wanneer ek met 'n swaargelaaide Cruiser 'n steil rant klim om 'n koedoe te gaan haal, kan ek nie help om te dink watter stoeiery dit in die ou dae moes afgegee het nie.

Ek kan wel 'n laer rat kies en gas gee en die Cruiser sal klim ('n Land Cruiser kan boomklim ook, maar dis 'n storie vir 'n ander dag), maar wat het mens in die ou dae gedoen as jou wa se ossekrag opraak? Of as die briekblokke nat raak en begin glip? En hoe het jy gekeer dat daardie yster-*slicks* nie op 'n klip gly en die hele wa met os en esel en dienskneg en diensmaagd en al teen die hang af rol nie?

Soms, wanneer 'n haak-en-steek my raps of 'n soetdoring se spykers my bakkie krap, wonder ek ook hoe 'n waseil moes gelyk het ná jy met hom deur 'n plaat doringbome gebeur het. Paaie was daar mos nie. Brûe en driwwe ook nie. Jy moes pad vind, of pad maak, of deur die bos breek.

Dan wonder ek ook partymaal as ek van daardie Land Rover-sektes teen die pad kry met hul dakrakke vol huisraad en jerrykanne, of die oumense met hul waens ooit sou kon glo dat paaie eendag só algemeen sou raak, en waens só gerieflik, dat mense 4x4-roetes vir die blote plesier sou gaan ry!

As ek so aan die krakerige ou waens dink, wonder ek ook hoeveel honde rug-af getrap is van in 'n wa se skaduwee probeer hou, en dan onder 'n wiel in skrik wanneer 'n leeu of 'n ding skielik uitspring. En hoeveel slange onder daardie klomp ospote moes uitgedop het, en hoe mens jou hond saans seker onder die wa moes vasketting sodat die tiers hom nie wegdra nie.

En dan wonder ek mos ook waaroor daardie tyd se mense geloop en gesels het, rant op en rant af saam met die wa, en wat se stories saans uitgekom het om die vuur. Kommunikasiemiddele het hulle mos nie gehad nie. Selfs nie eens 'n paraffien-foon vir nood nie. Hulle enigste nuus was seker maar die gebeure wat die bos opgelewer het.

Waaroor sou die gesprekke dan gegaan het?

Wel, seker oor jag en gewere, want dit was tog hoe hulle kos op die tafel gesit het. En miskien oor die idee om 'n skietraam op 'n wa te monteer, of 'n verkyker bo-op 'n voorlaaier vas te bind met riem.

Hulle sou sekerlik ook oor gevaarlike diere gepraat het, dalk met die storie van Daniël in die leeukuil as verwysing. En waarskynlik oor die gepaardgaande groot skrikke, want daarvan moes daar baie gewees het in 'n tyd toe jy eers kruit in 'n pannetjie moes uitskud en jou vuursteen fyn moes stel voor jy 'n buffel met 'n loodbal kon berook.

Miskien het hulle oor skietskandes gesit en gesels, daar waar die wa onder 'n wag-'n-bietjie uitgespan gestaan het. Dalk oor die keer toe die lood opgeraak het en hulle die renoster met 'n perd moes injaag en hom met 'n knopkierie moes slaan sodat die ou honger kindertjies darem frikkadelle kon kry. Of dalk het hulle, soos hul nageslag vandag, eerder met hul skote gespog. Drie sesponderkoeëls in 'n kol so groot soos 'n wasskottel! Hoe's daai vir 'n netjiese groepering!

Ja, ek wonder baie maal hoe dinge daardie tyd gewerk het en waaroor die ou trekkers se stories gegaan het. *Zeitgeist* noem die Duitsers dit: Die tipiese gees of luim van 'n spesifieke era, en hoe die gebruike van daardie tyd dit weerspieël.

Maar dalk verbeel ek my te veel dinge met al hierdie gewonder van my.

Miskien het mense daardie jare bloot oor dieselfde dinge gepraat as 'n klomp hedendaagse jagters om 'n kampvuur.

Miskien het hulle ook maar net vir mekaar gesit en vertel hoe treurig vrot die Vrystaat se paaie is.

Maar dalk verbeel ek my te veel dinge met al hierdie gewonder van my.




## SKRYF VIR SA JAGTER/HUNTER

**Die tydskrif verwelkom artikelbydraes van ons lesers oor hul jagervaringe, asook tegniese artikels oor jag, herlaai, gewere en dies meer. Jy hoef nie bekommerd te wees dat jy nie 'n "skrywer" is nie – as jy 'n storie kan vertel, dan kan jy skryf! Ons redaksionele span sal agter die skerms enige moontlike taalkundige foutjies regstel en jou artikel vir publikasie poleer. Deel jou stories met ons! E-pos jou artikelidees aan die redakteur by: *francois@sahunter.org***

# Beskerm jou wiele!

**Met 'n unieke antidiefstal-sluitmoer wat net jy kan losmaak**

Elke sluitmoer is uniek gemaak vir jou kar se wiele



**Meer** as 999 unieke kodes!

LOCK NUT GUARD
www.nexgenfleet.co.za

BESTEL NOU AANLYN

Kontak ons:
sales@nexgenfleet.co.za
of skakel 083 326 7683

Landwye Aflewering

4 / 5 wielmoere, afhangende van die voertuig | 1 gekodeerde sleutelsok | 1 sokkodekaartjie

**Plaaslik vervaardig, plaaslike ondersteuning!**

Ons verskaf ook sluitmoere vir ander vervaardigers

# RIFLE AND TELESCOPE TEST

# MONZA .308 WINCHESTER AND VORTEX DIAMONDBACK 6-24X50 TELESCOPE

***Principal importer: Dave Sheer Guns. Brand-new and exclusive.***





The Monza comes standard with a short Picatinny rail for attaching a bipod or tactical light. Note the two sling swivel attachment points.

This superbly accurate rifle and easy-to-use telescope are a winning combination and excellent value for money.

Whereas Schütze CLP is intended for lubricating and protecting metal surfaces on firearms and helping with the cleaning process, LPO is only meant for lubrication and protection. It is pure, high-grade oil with a very particular viscosity and fluidity, ensuring that it not only covers the basic surfaces but also penetrates microscopic surface imperfections to cover these surfaces equally well. I took a metal plate, sanded it until the raw metal was visible and then cleaned it with Schütze CDB to make it vulnerable. I coated one third of the plate with Schütze CLP and another third with LPO. The central third was left exposed and untreated. I placed the plate outside, exposing it to the elements and dew. The central section began rusting after a day. During the week, I left the plate outside, subjecting it to sunshine, frost and even light drizzle. This proved to be a harsh test. The accompanying photograph at the bottom of this page shows just how effective Schütze CLP and LPO are.



**The metal plate treated with LPO (left) and CLP (right). The middle section was left untreated.**

The best aspect of the Schütze gun care range, however, is affordability, especially compared to other imported brands that have become prohibitively expensive.

*The Schütze range was developed in Germany over a period of three years and is distributed by Omchem. Visit* www.omchem.co.za / admin@omchem.co.za *or contact Oelof Maree on 066-025-7845.* Suggested retail prices: Schütze PCS 200 ml – R229 / Schütze CLP 200 ml – R229 / Schütze CDB 200 ml – R209 / Schütze LP 200 ml – R209.



Saam met Drian van Schalkwyk te voet op soek na die kleiner gemsboktrop. (Foto: Charl Weber)

# GEMSBOK-BULLE VAN DIE NOORD-KAAP

**Die Noord-Kaap se gemsbokke is maar net anders.**

Ons het die gemsbokke 'n kilometer buite die kamp raakgeloop. Hulle het op 'n afstand van 350 m teen 'n skuinste gestaan en stip na ons gekyk. Ek het nader gesluip terwyl die trop effens begin wegbeweeg het. Toe ek binne 300 m van hulle kom, het ek op my maag gaan lê en met die .300 oor my rugsak aangelê. Oom Theuns se versoek was duidelik: "Skiet verkieslik bulle, maar nie die grootste bul in die trop



HOOFFOTO: Die Langberg vorm die westelike grens van die geologiese Kaapvaal-kraton.

nie. As daar net een bul in die trop is, skiet 'n koei. Sorg net dat die koei nie 'n kalf het nie." Dit was 'n mondvol en makliker gesê as gedaan! Daar was sewe volwasse gemsbokke in die trop, waarvan ek twee bulle kon identifiseer. 'n Paar van die koeie het kallers gehad. Die trop het gestaan en maal, wat 'n skoot moeilik gemaak het. Ek wou nie weer die fout van 'n paar jaar gelede herhaal nie...

Sewe jaar terug het ek 'n bloutjie met 'n soortgelyke versoek geloop. Dit was op 'n plaas in Ellisras se bosveld, waar die eienaar ook gevra het dat indien ons gemsbokke wou jag, dit net bulle moes wees. Die son het begin sak toe ons die gemsbokke in 'n oop kol tussen die knoppiesdorings raakloop. "Kyk die peester," het my gids, Johannes Mphago, gefluister. "Ek kyk, ek kyk," het ek geantwoord. "Nou maar skiet hom!" Die nege-drie was stil oor die skietstok toe ek die sneller druk. Die 286 grein Nosler Partition het die gemsbok 120 m van ons af laag agter die blad vir 'n hartskoot getref. Toe ons by die bok kom, het Johannes verbaas uitgeroep dat dit 'n koei is. "Ek sê jou dan, kyk die peester!" het hy my dadelik gekonfronteer. Tussen Johannes se gebroke Afrikaans, gemeng met Pedi, het ons mekaar heeltemal misverstaan. Hy het bedoel ek moet kýk of daar 'n peester is, nie dat dit wel 'n bul is nie! Terug by die jagkamp moes ek daardie aand teen 'n ou windpomp uitklim om selfoonsein te kry sodat ek die eienaar»



**Gemsbokkoeie met kallers. (Foto: Charl Weber)**





Ek het hierdie bul met my Remington Sendero in .300 Winchester Magnum buite Upington geskiet. Ek het 200 grein ELDX-koeëls teen 2 900 vps gebruik. (Foto: Dawid Louw)

» kon bel en verduidelik wat gebeur het.

Hoewel daar heelwat gemsbokke in die bosveld ingebring is, wat 'n uitdagende jag in die Noorde kan beteken, is die droër westelike dele van Suider-Afrika hul eintlike tuiste. As jy aan 'n gemsbok dink, kom die beeld van rooi Kalahari-duine en kameeldoringbome by jou op. Dis dan ook heel gepas dat die Noord-Kaap se amptelike nommerplate 'n gemsbok en 'n duin op het. Ek kan net nie lekker uitmaak of die nommerplaat-gemsbok 'n bul of 'n koei is nie. Dit het dik, korter horings soos dié van 'n bul, maar geen skede onder die pens nie.

Sedert ek my twee jaar gelede in Upington kom vestig het, het ek versoeke van vriende uit ander dele van die land begin kry om vir hulle 'n gemsbokjag te reël. Die eerste man wat vir 'n gemsbok opgedaag het, was my skoolvriend Eugene Marais van Elliot in die noordelike Oos-Kaap. Hy het al geleentheid gehad om gemsbokke in die Karoo en Vrystaat te jag, maar wou sy eerste gemsbok spesifiek in die Noord-Kaap skiet. Ons het jagplek by my ma se neef John Daniel naby Postmasburg gekry. Oom John boer op die plase Lucasdam en Vaalkoppies onder die kwartsietrante van die Langberg. Die Langberg het daardie jaar meer as dubbel die gemiddelde jaarlikse reënval gehad, met 'n totaal van 750 mm vanaf Junie 2021 tot Junie 2022. Die gras was heuphoogte, wat die uitken tussen gemsbokbulle en -koeie sou bemoeilik. Oom John het ons versoek om ook uit te kyk vir bulle.

Die Langberg vorm die westelike grens van die geologiese Kaapvaal-kraton wat 'n dik, tektonies stabiele stuk aardkors is. Weswaarts lê die geologiese Kheis-gordel, met die metamorfe Namakwalandse Mobiele Gordel nog verder weswaarts. Die Kaapvaal-kraton se westelike grens is ryk aan yster- en mangaanafsettings, met woelige mynbouaktiwiteite vanaf Hotazel tot by Postmasburg. In teenstelling met die gewoel, bied die klowe en rante van die Langberg ideale wegkruipplek vir koedoebulle en klipspringers. Die Langberg strek vir 230 km vanaf Boegoeberg op die Oranjerivier tot wes van Hotazel, waar die kwartsietrante gemiddeld 200 tot 300 m hoër as die res van die omgewing is. Onder die Langberg lê uitgestrekte sandvlaktes, bedek met welige gras en groot kameeldoringbome wat kol-kol voorkom. Hierdie vlaktes is gemsbokwêreld!

Ons het Eugene onder 'n alleenstaande kameeldoring boom sitgemaak, terwyl ek en oom John die gemsbokke in die area met die bakkie sou "roer" om hopelik die trop naby genoeg aan Eugene te kry. Die son het al laag agter die Langberg begin duik



Oom John Daniel, eienaar van Lucasdam (links), saam met Eugene Marais.



Die groot trop gemsbokke waarop ek nie 'n skoot kon kry nie. (Foto: Charl Weber)

toe ek en oom John die trop gemsbokke uit die oog verloor het. Die trop het te ver van Eugene verbybeweeg en ons sou agter 'n ry rante moes oorgaan om hulle hopelik weer raak te loop. Agter die rante aangekom, was daar egter geen teken van die trop nie. Hulle moes ons reuk opgetel en omgedraai het, terug in Eugene se rigting.

Die trop is sowat 200 m ver al drawwend voor Eugene verby. Toe 'n bul op 230 m vassteek, het die .300 WSM geklap met 'n netjiese skoot laag agter die blad van die pragtige bul. Hy het sowat tien tree gevorder voor hy neergeslaan het. Eugene het sy Winchester Featherweight in .300 WSM met selfgelaaide ammunisie en 'n Zeiss Duralyt 3-12x50-teleskoop gebruik. Die 180 grein-koeëls waarmee hy geskiet het, het 'n trompsnelheid van 2 800 vps. Die koeël het ten volle gepenetreer en die hart aan flarde geskiet, met 'n »



'n Gemsbokbul op volle vaart. (Foto: Charl Weber)



Die gemsbokke tweede en derde van links kan as bulle uitgeken word. Die foto is noord van Nossob in die Kgalagadi-oorgrenspark geneem.

» uitgangswond aan die bul se oorkantste blad. Die karkas met die kop af en vel aan het 135 kg geweeg.

Terug na my jag in Upington. Ek het my tyd gevat om seker te maak dat ek die regte bok skiet. Ons was sowat 25 km suidwes van die dorp in 'n gedeelte wat die plaaslike mense oorgangs- of hardeveld noem. Die area is redelik plat en oop met effense skuiling, struike en kameeldoringbome in droë lope. Vroeër daardie oggend het ons 'n groot trop gemsbokke tussen twee driedoringleegtes gekry waar hulle die afstand tussen ons heeltyd tussen 350 m en 400 m gehou het. Ek het telkens deur die Leupold 'n bul gemerk, maar sodra ons nadergekom het, het die trop gemaal en tot buite die skietafstand waarmee ek gemaklik is, gedraf. Ná talle probeerslae het ons die trop vir eers laat staan. Terug by die kamp, het ek en vriend Drian van Schalkwyk planne beraam. Ons sou uit die kamp in 'n droë loop opbeweeg, waar ons vroegoggend 'n kleiner troppie gemsbokke gewaar het.

Ons het die gemsbokke ongeveer 'n kilometer uit die kamp aangetref. Ek wou nie weer die fout van sewe jaar gelede begaan nie. Daardie dag het ek die gemsbokkoei met 'n 9.3x62 Musgrave geskiet. Dié keer het ek met 'n swaar Remington Sendero .300 Winchester Magnum oor my rugsak aangelê. Die Sendero het 'n 26"-loop en ek het gelaaide ammunisie gebruik met 200 grein Hornady ELDX-koeëls, gelaai teen 'n trompsnelheid van 2 900 vps. Die .300 se teleskoop is 'n Leupold VX6 met 'n vergroting van 3-18x50. Die trop het bly ronddraai, wat dit moeilik gemaak het om 'n oop skoot op een van die twee bulle te kry. Die bokke was 300 m weg toe een van die bulle heel regs van die trop gaan staan. "Kyk die peester," onthou ek toe! Met die kruishaar op die bul se skouer, het die .300 gebrul. My eerste Noord-Kaap-gemsbok was inderdaad 'n bul!



In die skaduwee van die Langberg.


Die uitsig vanaf die Langberg se kruin weswaarts in die rigting van Upington. Hierdie uitgestrekte vlaktes is gemsbokwêreld!






Portman Co
UNLIMITED

Daystate and Brocock distributed by Portman Co

**www.portmanco.co.za**
**email: portmanco@outlook.com tel: 083 703 7622**

Dealer enquiries welcome. Terms and conditions apply.

We sat in front of a blazing fire in the hearth of the tiny hunting cabin. The chimney drew well as long as the door was kept slightly open, like Lem Putt advised, to get the draft just right. We were sipping a most wonderfully aged 56-year-old Cabernet Sauvignon from Stellenbosch Farmers' Winery. It was rated as the wine of the millennium, Simon told us. It *must* have been, I thought, to have legs to carry it all those years. Just like Charles Sale's little book *The Specialist* that drew equal authoritative conversation with the wine. The little 29-pager has gone through 410 000 copies by 1952. Well, that was long ago, and it has been in print ever since, with the latest edition I could uncover being as recent as 2018! Perhaps by now it has already sold over a million copies. Now that's quite an achievement for such a humble little book. I guess *The Specialist* will hold its interest and keep being published as long as there are long drops in the world.

Long legs, I would say, just like that wine.

I wish I had long legs like that, like that wine or Charles Sale's book. I get green with envy every time I watch how easily a long-legged shooter crosses a barbed wire fence, summarily and with little effort stepping right over the top. Maybe with an empty hand gently pushing down on a slack section of wire to ensure nothing gets caught. And the broken gun simply goes over the top as well. Not like us short fellows having to break our guns, take out the shells, hand it to a pal and crawl through, trying to avoid getting hung up like a piece of biltong on the rusted barbs. And those superior, long-legged athletes seldom have a gentleman's spir-




My 1945 copy of ***The Specialist.***

# YOU ONLY NEED TWO BRICKS

A good wingshooter needs to be a specialist in various fields...



**MAIN PHOTO: The hide.**



That wine – truly 56 years old!

it of lending a helping hand or, at the very least, waiting. Once you have untangled yourself from the barbs, you will look up and see the bastard disappearing in the blue yonder.

I hate barbed wire fences – *hakiesdraad*, as they call it here in the Overberg. But then farmers don't think about wingshooters when they string up fences across their land. Who can blame them? With the price of mutton chops being what they are, the sheep have to stay where they have to stay. Still, I often thought it could make for a good topic for a *boereaand* at the local pub. "The value of a *gladde draad* to replace the second strand from the top" or something to that effect. As well as all the gizmos available to ease the pain of walkers crossing a fence. Like ordinary "steppies" that you sometimes see; two sets, up the one side and down the other. Quite a job, but bless the heart of any farmer willing to go to all that trouble. Or the V-gap, an even bigger job, narrow enough for a human to squeeze through but not wide enough for animals. I am not so sure about sheep being stopped by that one, but it is a dead cert for horses and cattle. The easiest of all, though, is the "T-step". Bolted at an appropriate height to a wooden anchor pole at a right angle to the direction of the fence, it allows shorties to step up and over without too much swearing. (I have supplied a technical drawing for those who have never seen it.) Why this marvellously simple invention is not used more frequently, I cannot imagine.

*Hakiesdraad*...yep, you need those long legs.

The fire had died down to an impressive heap of glowing coals and Simon was doing the honours of braaiing the thickest rump steak I had ever seen. With his wine, the man was on a roll. And who could blame him – he had nailed the first bird of the day, a magnificent cock Cape francolin, and that with his new lens and all. The francolin dropped straight out ahead from where it was flushed by his little springer, Skollie. Max, a brute of a golden retriever, did a crisp job of retrieving the bird.

Simon's old Damascus-barrelled Masu just got a new lease on life with his new eye. We had good fun with that eye during the evening, suggesting all sorts of modern conveniences such as adjustable remote-controlled optical functions. Like being able to set it for incoming geese at 50 metres or short-distance work for francolin. Man, if only those optometrists would ask, we could suggest many different functions for those lenses. Selective crosshairs, for instance, red dot or just plain with stability control. And what about a built-in rangefinder? So many ideas, so little practical sense out there.

> The fire had died down to an impressive heap of glowing coals and Simon was doing the honours of braaiing the thickest rump steak I had ever seen.

It was a good day out in the veld. When we arrived, we built a hide and set out the decoys. We placed the hide against (yes, you guessed it...) a *hakiesdraad*, constructed from a piece of old hessian and an army camo net. I guess you can say that those infernal barbed wires do sometimes have a function for us wingshooters. Unfortunately, due to the scientific considerations of flight line, proximity of the vlei, and the general wind direction, that infernal fence was on the "wrong" side (Murphy's law) of the hide. We had to cross that fence continuously. Fortunately, I found an anchor structure a short distance away that could be used for rolling over. The dogs were amazing; they simply went straight through. Even Max just dived through. Not even a gyppo in his mouth or bundles of hair left on the fence could deter him from doing his job.



A technical drawing of the "T-step".

That particular fence was additionally valuable as it had thorn bushes spread out along, which helped a lot to disguise our hide. In fact, it was so well hidden that we hoped we could find it ourselves when walking in during the dark!

There were lots of geese on the water. There were so many, we reasoned, that even if they did not fall for our decoys, some birds that "did not get the message", as Henry said, were destined to make the mistake of flying over our hide sooner or later. If not, we could always send the Voëlvlei flight control centre the correct coordinates of our whereabouts, Simon said. With the general standard of efficiency as it is these days, they were bound to make a mistake and send the core of the flight slap-bang over us.

Interestingly, the decoys were very popular with the hadedas! Dozens selected the com- »

18+

# WHAT IS AVAXHOME?

AVAXHOME -

the biggest Internet portal, providing you various content: brand new books, trending movies, fresh magazines, hot games, recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price
Cheap constant access to piping hot media
Protect your downloadings from Big brother
Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages
Brand new content
One site

AVXLIVE.ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open https://avxlive.icu

» pany of our black silhouette spurwing decoys. At one stage, we thought we should call them a sharp-billed goose, but then somebody said their meat is blue and inedible. I have no experience – anybody out there that could help?

Load shedding did not bother us that evening. Our blazing *pomplampe*, a Coleman and a Tilly, added to the kitchen's warmth and ambience. The millennium bottle did not last long, and we had to open a second one that was, comparatively speaking, still in its nappies.

But I was getting uncomfortable and needed a walk out to the blue gum patch behind the house. I have never been scared of the dark, being blessed with excellent night vision, which is very handy climbing up the steep staircase to my loft at home during load shedding.

Neither am I scared of spiders and such, and having been a spearfisherman in my youth, I can hold my breath for quite some time. And with the winter's cold, the *makoppas* (mambas) were bound to be very lethargic. If any were hiding in the privy, as Lem Putt called it, I doubt they would be a threat at all.



"So, what's your problem?" Henry asked.

"I have studied *The Specialist* for many years," I answered, being something of a specialist myself. Being a sapper, I did spend three months on the border one year doing just that. Besides, they had to be bombproof too – not from the inside but from the outside. Really. The border war was in full swing, and we could not risk losing *troepies* whilst they were trying to do their early-morning ablutions.

I know all about the correct placement of a privy, and the right way for the door to open (i.e., to the inside) to let fresh air in or for the early morning sun to mellow your mood. Or like now, for a night walker like me, to catch a bit of romantic moon for company. As Lem says, opening to the inside allows you to quickly kick it closed when unwanted visitors sneak up on you. And a lot of other little details, such as the shape of the ventilators. These are all very important details for a specialist to build the perfect outhouse. But nowhere can I find anything in the book on the correct height of the seat. There again, you see, my legs are far too short for this particular convenience out the back.

"You only need two bricks," Henry suggested. Suddenly, a light bulb flashed. The man's a bloody genius!

I sprinted out into the night and, in the light of my headlamp, picked up two bricks I had noticed earlier in the day.




LOWEST EXHIBITION COST SINCE 2011
COMMITTED TEAM
WORLD-CLASS VENUE
MAKE SURE YOU'RE SEEN
South Africa's leading consumer expo showcasing the local and international hunting and shooting industries, puts your business in the spotlight for the customers who count.
HuntEx™
21-23 APRIL 2023
GALLAGHER, MIDRAND
FIND YOUR SPOTLIGHT AT HUNTEX.NET

# Verwelkom die lente MET 'N TAPAS-FEES



## Smaaklike Spaanse happies vir 'n gesellige saamkuier

Tapas – klein bordjies lekkernye waaraan 'n mens saam-saam smul – is 'n baie gewilde Spaanse manier van kuier. Met die lente om die draai is nou die perfekte tyd om 'n bietjie kreatief te wees en jou geliefdes oor te nooi vir 'n tapas-fees met 'n wildsvleiskinkel. Tapas is bedoel om geniet te word saam met ietsie lekker om te drink. Skink dus 'n glas van jou gunstelingwyn of -bier en sit aan om 'n heildronk op die nuwe seisoen in te stel.

TROTSE BORG VAN HIERDIE RESEP
KINGS MEAT DELI
CASTLE WALK | LYNNWOOD BRIDGE

**HOOFFOTO:** 'n Fees van tapas met wildsvleis as die fokus.Sit lekker vars brood en olywe saam met jou skeppings voor

**REGS BO:** Die empanadas, of Spaanse halfmaantertjies, is ook die perfekte peuselhappie wanneer 'n mens rugby kyk!

**REGS ONDER:** Die croquettas is heerlik bros buite, maar sag en romerig aan die binnekant.

**FOTO'S: Gerrie Janse van Vuuren**





## TRADISIONELE CROQUETTAS MET BLOUWILDEBEESBILTONG

Ek het hierdie resep aangepas uit die Spaanse sjef Omar Allibhoy se uitstekende boek, *Tapas Revolution*. Hy maak dit met serrano-ham, maar ek gee dit 'n eg Afrika-geur met droë blouwildebeesbiltong. Dit is nie moeilik om te maak nie, maar neem wel 'n bietjie tyd. Dit is egter beslis die moeite werd wanneer jy daardie eerste geurige, romerige happie neem!

***JY BENODIG:***

- 50 g botter
- ½ klein ui, fyngekap
- 30 g droë wildsbiltong van jou keuse, baie fyn gesny – vra jou slagter om te help (ek het blouwildebees gebruik)
- 800 ml volroommelk
- 60 g koekmeel
- Knypie neutmuskaat
- 1 t sout
- Knypie witpeper
- 2 eiers
- 50 g droë broodkrummels
- Olie vir diepbraai

**SÓ MAAK 'N MENS:**

1. Smelt die botter in 'n pan oor matige hitte en braai die ui tot glasig. Verhit die melk tot amper kookpunt in 'n aparte kastrol terwyl die uie braai.
2. Roer die meel by die uie en braai sowat 5 minute tot die meel strooikleurig is. Voeg die warm melk bietjies-bietjies by en klits aanhoudend om 'n dik *roux* te vorm. Hou aan tot al die melk bygevoeg is en jy 'n gladde *béchamel* het. Laat opkook, verlaag die hitte en»





1 Maak 'n dik witsous vir die croquettas.



2 Braai die blouwildebeesmaalvleis vir die empanadas.



3 Voeg die droë blouwildebeesbiltong by die witsous.



4 Skep die witsous met biltong in die voorbereide bak.

» voeg die neutmuskaat, sout en peper by. Laat sowat 40 minute oor lae hitte prut en klits gereeld om seker te maak dat dit nie vasbrand nie. Proe en geur verder na smaak indien nodig.

3. Roer nou die biltong by. Voer 'n bakplaat of vlak glasbak uit met bakpapier. Giet die *béchamel* daarin en maak dit mooi gelyk. Plaas 'n stuk kleefplastiek bo-op (dit moet aan die sous raak) om te voorkom dat 'n velletjie vorm. Plaas in die yskas vir ten minste 3 uur.
4. Dit behoort nou ferm genoeg te wees om te hanteer. Trek die kleefplastiek af en keer die soliede sous versigtig uit op 'n meelbestrooide oppervlak. Trek die bakpapier af. Besprinkel met 'n bietjie meel en sny in repe en dan in klein vierkante (sowat 4 cm x 4 cm). Sprinkel meel oor jou hande en rol die vierkantjies in balletjies.
5. Klits die eiers in 'n mengbakkie en gooi die broodkrummels uit in 'n vlak bord. Doop elke bal in eiers en dan in die broodkrummels. Plaas op 'n skoon bord en verkoel.
6. Verhit die olie in 'n groot, diep pan tot dit 180 °C bereik. Braai die croquettas (net 'n paar op 'n keer) tot goudbruin en bros (dit behoort net 90 sekondes te neem). Dreineer op kombuispapier en sit dadelik voor. As jy dit weer wil opwarm, plaas dit 'n paar minute teen 180 °C in jou lugbraaier – die mikrogolf sal dit pap maak.

## MINI-SOSATIES MET VLAKVARK-SALAMI EN FETA

Hierdie is 'n happie wat jy maklik volgens jou eie smaak kan aanpas.

**JY BENODIG:**
**(GENOEG VIR 8 MINI-SOSATIES)**

- 8 groot blokkies of lekker dik skywe vlakvark-salami (jy kan enige wildsvleissalami hiervoor gebruik)
- 8 blokkies ongegeurde feta
- 8 heel peppadews
- 8 klein hout-sosatiestokkies

**SÓ MAAK 'N MENS:**

Ryg die bestanddele op die stokkies: Begin met 'n blokkie feta, dan salami, en dan 'n peppadew. Jy kan ook groen olywe en 'n basielkruidblaar opryg as jy wil. Of probeer gerus songedroogde tamaties en mozzarella in plaas van die feta en peppadews.

## RYP TAMATIESLAAI

Hierdie slaai bring varsheid na die tafel en kan weer eens volgens jou eie smaak aangepas word. Maak net seker die tamaties is lekker ryp en sny die uie en soetrissies baie dun sodat dit nie oorheers nie.

**JY BENODIG:**

- 3-4 ryp tamaties, in dun skywe gesny
- 1 klein Engelse komkommer, in dun skyfies gesny
- 1/3 rooi ui, baie dun gesny
- 1/2 geel soetrissie, in dun repies gesny
- 1 e vars dille of 'n ander vars krui van jou keuse (basielkruid of oreganum werk goed)



Mini-sosaties met wildsvleissalami kan volgens jou smaak aangepas word.

Vir die vinaigrette:

- 2 e rooiwynasyn
- 3 e olyfolie
- 1/2 t Dijon- of korrelmosterd
- Sout na smaak

**SÓ MAAK 'N MENS:**

1. Klits al die bestanddele vir die slaaisous goed saam tot dit emulsifiseer om 'n sous te vorm. Hou eenkant.
2. Meng al die slaaibestanddele versigtig saam. Voeg 2 e van die vinaigrette by en meng met jou hande – wees net versigtig om nie die dun skyfies te breek of te kneus nie. Proe en voeg nog slaaisous by indien nodig. Sit dadelik voor.

*(Aangepas van* vikalinka.com*)*

## EMPANADAS MET GEURIGE BLOUWILDEBEESMAALVLEIS

Moenie skrikkerig wees om jou eie deeg te maak nie; dis eintlik baie maklik. Ek maak my empanadas sommer in die lugbraaier, maar dit is ook perfek om in die oond te bak.



5 Rol balletjies uit die afgekoelde witsousmengsel (omtrent so groot soos gholfballe).



6 Doop in geklitste eier.



7 Rol in broodkrummels.

***JY BENODIG:***
- 1 e botter
- 2 knoffelhuisies, fyngekap
- ½ ui, fyngekap
- ½ rooi soetrissie, fyngekap
- 500 g blouwildebeesmaalvleis
- 1 t fyn komyn
- ½ t paprika
- ½ t sout
- ½ t swartpeper
- ½ t rissievlokkies (opsioneel)
- ¾ k beesvleisaftreksel
- 1 eier, geklits saam met 1 e water

***VIR DIE DEEG:***
- 3 k meel
- ½ t sout
- 170 g botter
- 1 eier
- ¼-½ k water of melk

**SÓ MAAK 'N MENS:**
1. Smelt die botter in 'n groot pan en braai die knoffel, uie en soetrissie tot glasig. Sprinkel die komyn, paprika, sout, swartpeper en rissievlokkies oor en braai nog 'n minuut.
2. Voeg die maalvleis by en braai tot gaar. Voeg die aftreksel by en prut sowat 5 minute tot die meeste van die vloeistof weggekook het. Proe en geur met nog sout en peper indien nodig. Verwyder van die hitte en laat afkoel.
3. Om die deeg te maak: Meng die meel en sout in jou voedselverwerker. Voeg die botter by en pols tot krummelrig. Voeg die eier en bietjies-bietjies water of melk by tot die deeg bymekaarkom. Verdeel die deeg in twee balle en druk plat. Verkoel tot benodig (haal dit net sowat 'n halfuur voordat jy dit wil uitrol uit die yskas, anders gaan dit te hard wees).
4. Rol een van die deegballe dun uit en gebruik 'n piering om sirkels uit te sny. Skep sowat 1-2 e vulsel in die middel van elke deegsirkel. Vou dit toe en gebruik 'n vurk om te verseël. Bestryk met die geklitste eier en water.
5. Voorverhit die lugbraaier (indien nodig) tot 170 °C. Bespuit die mandjie met klapperolie. Pak die empanadas in een laag in die mandjie; hulle moenie aan mekaar raak nie. Lugbraai 8-9 minute tot goudbruin en gaar. Sit warm voor saam met die chimichurri. (Jy kan ook die empanadas in die oond bak teen 180 °C vir 15-20 minute of tot goudbruin bo-op).

*(Deegresep aangepas van* laylita.com*)*



8 Die croquettas gereed vir braai.

## DOOPSOUS VIR DIE EMPANADAS: CHIMICHURRI

Hierdie heerlike vars doopsous van Argentinië is die perfekte pasmaat vir die empanadas.

***JY BENODIG:***
- 1 k vars koljanderblare of Italiaanse pietersielie
- 4 knoffelhuisies
- Sout en peper na smaak
- ½ k olyfolie
- 1 t rissievlokkies (opsioneel)
- 1 e droë oreganum
- 1 ½ e wit asyn
- 'n knypie komyn

**SÓ MAAK 'N MENS:**

Plaas al die bestanddele in jou voedselverwerker en pols tot goed gemeng maar steeds met heelwat tekstuur. Proe en geur met sout en fyn witpeper, indien nodig. Sit saam met ekstras soos olywe en vars brood (verkieslik 'n varsgebakte ciabatta) voor.

*(Aangepas van* fufuskitchen.com*)*



9 Die croquettas in die olie.

**TROTSE BORG VAN HIERDIE RESEP**

KINGS MEAT DELI
CASTLE WALK | LYNNWOOD BRIDGE

## *Wildsvleiswenk van die maand*

Deur Eloff du Toit (mede-eienaar)

### KARKASSORG – VERKOELING

Korrekte verkoeling bepaal die kwaliteit en raklewe van vleis. Groot bokke soos elande, diknek-koedoebulle en selfs groot blouwildebeeste dra die risiko dat die koue nie vinnig genoeg of voldoende tot op die been deurdring nie. Veral op die nekgedeeltes en onder die blaaie, waar die borskas baie dik en gespierd is, dring die koue soms nie tot op die nek- en werwelbene deur nie. Indien dit gebeur, word die been vrot (*bone taint* in Engels).

Beenverrotting kan op twee maniere plaasvind. Eerstens kan die dier lank in die veld lê voordat dit slagkamer toe gaan. Op 'n warm dag word die been blootgestel aan 'n interne karkastemperatuur van net duskant 40 °C, en dan is daar boonop hitte van buite oor 'n lang periode. Die nek- en rugwerwels, asook die dik binneboudbene van 'n groot dier, kan in hierdie geval maklik begin vrot. Onthou dat been en murg baie vinnig bederf!

Indien dit gepaard gaan met 'n koelkamer wat nie die karkas vinnig tot onder 5 °C tot op die been kan verkoel nie, is daar 'n groot moontlikheid dat die been kan vrot word.

Tweedens kan dit ook gebeur met groot diere wat heel gehang word nadat hulle geslag is. 'n Koelkamer wat baie goed werk, kan die karkas te vinnig aan die buitekant verkoel en dit dan basies van buite "seël". Die hitte is dan in die dikker dele van die karkas vasgevang, wat kan veroorsaak dat die been bederf.

Indien die slagspan nie die vermoë of kennis het om die karkas in die lengte te halveer om die werwelbene behoorlik aan die koue bloot te stel nie, is dit raadsaam om eerder die blaaie te verwyder en die nek van agter in die lengte oop te sny tot op die nekwerwels. Die binneboud kan ook oopgesny word waar die femur en heupbeen ontmoet sodat die been voldoende kan verkoel. Dit word veral aanbeveel as die vleis reeds die volgende dag vervoer gaan word, omdat 'n groot karkas onder normale omstandighede eers ná 24 uur genoegsaam sal afkoel.





CASTLEWALK
Cnr Lois & Nossob Str, Erasmuskloof 0048, PRETORIA,
TEL: 012-347-0115|012-347-0245
EMAIL: *biltong@kingsmeatdeli.co.za*

LYNNWOOD BRIDGE
Lynnwood Bridge, cnr Daventry & Lynnwood Rd, Lynnwood, PRETORIA, TEL NO: 012-348-2189|012-348-0387
EMAIL: *biltong2@kingsmeatdeli.co.za*

*the deli for the connoisseur*

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Inyathipark, Plot 3, Mountain Drive 7/Inyathi Park, Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus/PO Box 1952, Montanapark, 0159
Tel: 012-808-9300 Faks/Fax: 012-808-9344 E-pos/E-mail: admin@sahunt.co.za
Web: www.sahunters.co.za






**HOOFFOTO:** Die klubhuis met sonpanele.

# SA JAGTERS: NAMAKWA-TAK – MOSSIE MAAR MAN!

**SA JAGTERS:** Namakwa-tak
**TAKSTIGTING:** 27 November 2018
**LIGGING:** Springbok, Noord-Kaap
**LEDETAL:** 166

Namakwa-tak is in November 2022 vier jaar oud. Met 'n ledetal van 166 (Augustus 2022) is dit een van die kleiner takke van SA Jagters, maar die aantal en verskeidenheid aktiwiteite en fasiliteite by hierdie tak is absoluut verstommend! Namakwa-tak is in 'n prentjiemooi deel van die land geleë wat onder andere Namakwaland en die Richtersveld insluit. Behalwe hierdie gebied se glorieryke blommeprag sekere tye van die jaar, is dit ook bekend vir die reptiele, sukkulente en ander unieke plante in hierdie semi-woestyngebied.

**BEWARING**

Ongelukkig word hierdie reptiele en plante op groot skaal gestroop en het die onwettige handel in skaars en bedreigde plante en reptiele die laaste dekade geweldig toegeneem. Namakwa-tak, onder die bekwame bestuur van Carel Oberholzer (takvoorsitter) en sy bestuurspan, het bewaringskringe aan die gons met hul positiewe impak op hul omgewing. Karel du Toit, die bewaringskoördineerder, is 'n man wat glad nie jag nie en aan die stuur van die tak se bewaringsinisiatiewe staan. As gevolg van sy werk as bevelvoerder van die Eenheid vir Veediefstal en Spesiale Ondersoeke op Springbok, is hy intens bewus van die aard en omvang van stropery en smokkelhandel in plante en diere in dié omgewing. Hoewel Suid-Afrika slegs 2% van die wêreld se oppervlakte beslaan, het ons 46% van die wêreld se vetplante, waarvan die meeste in die Sukkulente-Karoo- en Nama-Karoogebiede voorkom.

As deel van die inisiatief het die Namakwa-tak reeds meer as R250 000 vir bewaringsinisiatiewe beskikbaar gestel. Drie van die parke in die gebied is ondersteun met noodsaaklike bewaringstoerusting. Daar is ook besluit om gedurende Maart 2020 'n werkswinkel aan te bied by Sendelingsdrif in die Richtersveld Nasionale Park, waarheen bewaringsdepartemente van die Wes- en Noord-Kaap, SANParke, SANBI (Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut), die Groen Skerpioene, polisielede van verskeie veediefstaleenhede



**LINKS:** Unieke plantegroei.





**MIDDEL BO EN LINKS:** Kwekery befonds deur die Namakwa-tak.




**SOS-inisiatief van SA Jagters.**

en ander belanghebbendes uitgenooi is. Die doel was om die prioriteite te identifiseer waar SAJWV saam met ander rolspelers betrokke kan raak om stropery hok te slaan en bewaring te bevorder. Verskeie inisiatiewe is ná afloop van die werksessie geloods:

- Die oprig van 'n skaarsplantkweekhuis vir SANParke is van stapel gestuur en saadbakkies is aan Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin geskenk om gekonfiskeerde, bedreigde plante te vestig.
- Samewerking tussen verskillende rolspelers in bewaring is bevorder deur middel van werksessies en informele skakeling om 'n meer geïntegreerde benadering op die grond te bewerkstelling. Dit sluit onder andere skakeling met TLU (Transvaalse Landbou-unie) in.
- 'n Inligtingsnetwerk is gestig met 'n WhatsApp-hulplyn waarop grondeienaars, die verskeie spesiale ondersoekeenhede van die polisie, asook Namakwa-tak en die bewaringsbestuur van SA Jagters sit om reaksietyd te verlaag vir optrede teen onwettige stropery.
- In 2021 het die tak verskeie rolspelers in sukkulentebewaring vereer deur 'n spoggeleentheid waar hulle vir hul onbaatsugtige bydraes tot bewaring en die SOS-projek bedank is. Sertifikate is onder andere oorhandig aan lede van SANParke, SANBI, Kirstenbosch Botaniese Tuin en die polisie-eenhede.
- Inligtingsborde wat aandui dat stropery onwettig is, met 'n noodnommer wat deur die tak beman word, is op verskeie roetes opgerig.
- Ondersteuning word aan grondeienaars gegee en monitering van populasies word met SANBI gekoördineer.
- In samewerking met Inyathipark is verskeie artikels geskryf, aanbiedings voorgedra en persverklarings vrygestel vir bewusmaking van die omvang van stropery en om regeringsondersteuning te mobiliseer. Die stand van stropery, asook die werk wat die tak doen, het ook tot die nasionale teenstropingstrategie vir sukkulente bygedra.
- Skoolgroepe van die omgewing word op die nabygeleë Goegap Natuurreservaat bekendgestel aan die natuur en die negatiewe impakte van stropery op hul natuurerfenis word bespreek.

Die tak het ook verskeie ander bewaringsprojekte waaronder:

- Keep Springbok Clean
- Operation Leopard
- Northern Cape Schools
- Gannabos Kokerboomwoud»



**LINKS:** Die luiperdprojek.

## » SKIETBAAN EN SKIET-AKTIWITEITE

Namakwa-tak maak gebruik van die Witklip-skietbaan op mnr. Albie van den Heever se plaas Lammerhoek, ongeveer 7 km buite Springbok, kragtens die standaard- SA Jagters-huurooreenkoms tussen grondeienaars en die takke van SA Jagters.

Sedert die stigting van die Namakwa-tak was die takbestuur baie vindingryk met die verskeidenheid skietoefeninge wat aangebied word. Springbok-tak se naaste buurtak, die Maskam-tak op Vanrhynsdorp, is ongeveer 270 km daarvandaan en maak deelname aan streekskietaktiwiteite moeilik weens die lang afstande. Ten spyte daarvan het die Namakwa-tak se skietaktiwiteite met rasse skrede gegroei tot op die punt waar dit jaarliks van die hoogste by SA Jagterstakke is (deelname per capita gemeet). Verskeie tak-uitdaagtabelle is geskep, byvoorbeeld die luiperd-uitdaagskiet wat nie 'n standaardteiken of -tabel van SA Jagters is nie. Die langafstand-uitdaagskiet, waar tot op 1 000 meter meegeding word, is ook baie gewild. Hier word die kwalifiserende lede vereer met 'n naam op ons ererol in die klubhuis en 'n pet en wapentjie wat die afstand waarop die persoon kwalifiseer, aangedui word. Die tak se lede word ook die kans gegun om hul eie jagfoto's aan die takbestuur te voorsien, waarna dit op die tak se koste laat raam en dan opgehang word. Dit skep 'n baie persoonlike atmosfeer en is altyd 'n onderwerp vir lekker gesels.

Een van die redes vir hierdie spontane deelname aan skietaktiwiteite is die Namakwa-takbestuur se deurlopende verbetering van die Witklip-skietbaan. Tans bestaan die fasiliteite op die skietbaan uit die volgende:

**'n Pragtige klubhuis, gebou deur die Namakwa-tak, wat die volgende insluit:**

- Sonkraginstallasie
- Drukpompstelsel vir watertoevoer
- Gratis Wi-Fi aan lede
- Selfoonversterker
- 58"- en 72"-TV's met *soundbar*
- DStv vir sportgeesdriftiges
- Aronium-verkooppunt
- Toegeruste kombuis met gasstowe, mikrogolf, vries- en yskaste
- Totale koste: ±R550 000

**Die skietbaan self beskik oor die volgende opsies:**

- Ses permanente skietbanke op die skietpunt
- Senterslagbaan tot en met 400 meter – ongeveer 15 skuts kan gelyk skiet
- Haelgeweerbaan met die nodige *"high and low house"* met outomatiese *trap*-masjiene
- Handwapen- en karabynbaan van 40 meter
- MDS- en boslaanbaan vir MDS-aktiwiteite

Danksy die klubhuis se fasiliteite word daar nou elke Woensdagmiddag ook skietbaanaktiwiteite aangebied en ook lekker in die klubhuis gekuier. 'n Spyskaart is vooraf beskikbaar sodat 'n ete gedurende skietdae bestel kan word. Namakwaland is braaiwêreld en Woensdae word meestal gebraai. Dit is 'n uitstekende voorbeeld van 'n SA Jagters-tak wat deur kreatiwiteit en innovering 'n baie groot impak maak en SA Jagters se voetspoor in hul gemeenskap uitdra. Openbare vakansiedae word ook benut as bonusskietdae of sommer net om onderhoud aan die klubhuis te doen. Die bou van die klubhuis het daartoe gelei dat die gemiddelde bywoningsyfer vir aktiwiteite byna verdubbel het. Veral die juniors




**INSETSEL REGS:** Skietbaannaambord. **ONDER:** Daar word kliphard aan die skietpunt gewerk.



en dames voel nou welkom. 'n Skietbaan is die hart van 'n SA Jagterstak en by Namakwa-tak klop hierdie hart baie sterk en gesond!

**Die volgende projekte word beplan:**

- Ontwikkeling van die skietpunte
- Nuwe elektriese hek met privaat toegangsroete na skietbaan
- Opgradering van sonkrag-batterye
- Klouterraam vir juniors
- Elektroniese toegangsbeheer
- Kringtelevisie met PTZ-kameras by toegangshek
- Totale koste: R160 000

Die ontwikkeling van al hierdie fasiliteite kom uit die lede se sakke, borgskappe en 'n takbestuur wat woeker dat die stof so staan! Baie geluk en baie dankie aan elkeen wat by Namakwa-tak se suksesverhaal betrokke is!



**Die taklede se jagfoto's versier die klubhuis se binnekant.**





**BO:** Die klubhuis tydens die skietdag en basaar. **ONDER:** Die manne geniet 'n gesellige ontbyt in die klubhuis.

# SAJWV-TAKKE

| PROVINSIE/TAK | SENTRALE DORP | VOORSITTER | NOMMER |
|---|---|---|---|
| **GAUTENG-PROVINSIE** | | | |
| **GAUTENG-NOORD:** *(Streekkoördineerder: Isak Burger 082-454-7978)* | | | |
| **BAVIAANSPOORT** | (Pretoria-Noord) | Hansie Lerm | 082-652-2396 |
| **CENTURION** | | Ferdi Killian | 083-357-4755 |
| **PRETORIA-OOS** | | Dieter Labuschagne | 082-654-3280 |
| **GAUTENG-SUIDOOS:** *(Streekkoördineerder: Jakes vd Merwe 082-494-8596)* | | | |
| **EDENVALE** | | Riccardo Tonini | 083-321-1686 |
| **ELAND** | (Alberton) | Rudi Lensley | 071-166-9691 |
| **IMPALA** | (Bredell) | Anita Stegmann | 082-498-6708 |
| **OOS-RAND** | (Kempton Park) | Willie Joubert | 084-811-0716 |
| **SPRINGBOK** | (Brakpan) | Jakes van der Merwe | 082-494-8596 |
| **GAUTENG-SUIDWES:** *(Streekkoördineerder: Cassie Carstens 064-836-1622)* | | | |
| **TEMBO** | (Jhb-Noord) | Rodney Butle | 082-827-8650 |
| **TRANSVAAL** | (Randfontein) | Ria Zeelie | 083-390-8465 |
| **WES-RAND** | | André Botha | 083-463-3620 |
| **KWAZULU-NATAL** | | | |
| (Streekkoördineerder: Barry Loock 083-289-7811) | | | |
| **IPHITHI** | (Durban) | Daneil Lotter | 073-915-5170 |
| **MPUNGINI** | (Dundee) | Martiens Potgieter | 082-770-5377 |
| **ORIBI** | (Margate) | Roelof Meyer | 083-654-5751 |
| **UMFOLOZI** | (Richardsbaai) | Craigen Milingham | 083-458-8989 |
| **LIMPOPO** | | | |
| (Streekkoördineerder: Izak Haasbroek 082-878-7351) | | | |
| **HARDEKOOL** | (Musina) | Izak Haasbroek | 082-878-7351 |
| **MOPANI** | (Phalaborwa) | Otto van der Star | 082-568-1474 |
| **SOETDORING** | (Mokopane) | Willem Engelbrecht | 082-825-7781 |
| **THABAZIMBI** | | Gert Oosthuizen | 082-853-2054 |
| **WATERBERG** | (Ellisras) | Herman de Lange | 082-772-5008 |
| **MPUMALANGA-PROVINSIE** | | | |
| **MPUMALANGA-NOORD:** *(Streekkoördineerder: Gert Opperman 082-870-4989)* | | | |
| **BOSBOK** | (Steelpoort) | JB Willers | 082-820-1748 |
| **LOSKOP** | (Marble Hall) | André Ruhling | 082-373-4390 |
| **NGWENYA** | (Nelspruit) | Jan Sutherland | 082-906-7959 |
| **OLIFANTS** | (Middelburg) | Johnny Pretorius | 083-654-9993 |
| **PLATORAND** | (Belfast) | Kobus Davel | 083-625-6806 |
| **RIETBOK** | (Breyten) | Jan Kirk | 073-183-0638 |
| **SEBRA** | (Witbank) | Maryka van der Tas | 082-399-4338 |
| **MPUMALANGA-SUID:** *(Streekkoördineerder: Pierre Meyer 083-306-5686)* | | | |
| **BETHAL** | | Willie Oosthuizen | 082-493-6689 |
| **DUIKER** | (Balfour) | Gerhard Harmse | 084-206-4452 |
| **EDELVALK** | (Standerton) | Stoffel Bester | 083-944-4244 |
| **HEIDELBERG** | | Zet Robberts | 082-320-6631 |
| **HOUTKAPPER** | (Secunda) | Wimpie Brits | 060-981-7018 |
| **MAJUBA** | (Volksrust) | Wessel Oosthuizen | 082-454-7435 |
| **SUIKERBOSRAND** | (Meyerton) | Pierre Meyer | 083-306-5686 |
| **WILGERIVIER** | (Frankfort) | Danie Pieterse | 082-974-9382 |
| **NOORD-KAAP-PROVINSIE** | | | |
| (Streekkoördineerder: Jors Humpel: 082-787-9240) | | | |
| **DOORNBERG** | (Prieska) | Bertie Theron | 082-825-0439 |
| **GAMAGARA** | (Kathu) | Lappies Lamprecht | 083-769-3025 |
| **GRIEKWALAND-WES** | (Kimberley) | Jors Humpel | 082-787-9240 |
| **KAROO** | (Victoria-Wes) | Johan Jooste | 071-333-3773 |
| **KGALAGADI** | (Upington) | Bertus Burger | 072-786-8649 |
| **STEENBOK** | (Lime Acres) | Schalk Victor | 082-885-8277 |
| **NOORDWES-PROVINSIE** | | | |
| **KALAHARI BOSVELD:** *(Streekkoördineerder: Gerda Swanepoell 073-717-5530)* | | | |
| **BRITS** | | Danie J van Rensburg | 082-520-4816 |
| **GENL DE LA REY** | (Lichtenburg) | John Markram | 082-805-8483 |
| **KAMEELDORING** | (Mafikeng) | Rudolp van der Walt | 083-300-2937 |
| **KOEDOE** | (Zeerust) | Nico J van Rensburg | 082-388-0908 |
| **MAKWEPA** | (Setlagole) | Len Vermeulen | 083-285-1370 |
| **MARICO BOSVELD** | (Rustenburg) | Ferdie Neumeyer | 082-651-6393 |
| **STELLALAND:** *(Streekkoördineerder: Johannes Lubbe 083-769-9972)* | | | |
| **DIAMANT** | (Wolmaransstad) | Johannes Lubbe | 083-769-9972 |
| **HARTSRIVIER** | (Delareyville) | Marius de Kock | 082-947-0773 |
| **SCHWEIZER** | (Schweizer-Reneke) | Flip Fouche | 082-570-6322 |
| **STERLAND** | (Vryburg) | Frans Schutte | 082-050-9095 |
| **VAALHARTS** | (Jan Kempdorp) | Willem Vermeulen | 064-890-6039 |
| **VAALRIVIER:** *(Streekkoördineerder: André Olivier 082-568-1508)* | | | |
| **FRONTIER** | (Stilfontein) | André Wepener | 083-462-2294 |
| **HARTBEES** | (Potchefstroom) | Johan van der Walt | 082-571-6414 |
| **VAALDRIEHOEK** | (Vereeniging) | Jan de Man | 082-784-2350 |
| **WITRENOSTER** | (Klerksdorp) | Duane Heymans | 071-895-0520 |
| **OOS-KAAP-PROVINSIE** | | | |
| (Streekkoördineerder: Mornay Eyre 081-562-3258) | | | |
| **GAMTOOS** | (Patensie) | Gustav Bell | 082-462-0755 |
| **GRYSBOK** | (Jeffreysbaai) | André Botha | 084-567-8989 |
| **KAMDEBOO** | (Graaff-Reinet) | Johan Dorfling | 082-847-6615 |
| **KOUKAMMA** | (Kareedouw) | Nico Herselman | 073-861-8019 |
| **KWAGGA** | (Port Elizabeth) | Ockert Barnard | 082-906-9253 |
| **TUINROETE** | (George) | Gerhan Archer | 082-567-6941 |
| **DRAKENSBERG:** *(Streekkoördineerder: Juan Venter 079-693-1953)* | | | |
| **LAMMERGEIER** | (Aliwal-Noord) | Pierre Bosch | 071-497-1598 |
| **RENOSTERBERG** | (Middelburg – Kaap) | Werner Potgieter | 082-575-4762 |
| **STORMBERG** | (Queenstown) | Gideon Jordaan | 082-927-6779 |
| **VRYSTAAT-PROVINSIE** | | | |
| (Streekkoördineerder: Stephan Potgieter 083-357-0847) | | | |
| **BLOEMFONTEIN** | | Pieter du Preez | 079-528-9217 |
| **BLOUKRANS** | (Vanderkloof) | Rikus Stander | 082-775-5480 |
| **BOTHAVILLE** | | Arno Roux | 082-335-6606 |
| **CHEETAH** | (Hertzogville) | Johan van Rensburg | 082-374-7898 |
| **MAHEM** | (Memel) | Fielies Geldenhuys | 082-850-7446 |
| **OLIENHOUT** | (Parys) | Jan Lubbe | 082-421-1122 |
| **RIEMLAND** | (Bethlehem) | Callie Bonthuys | 082-906-2692 |
| **SANDRIVIER-58** | (Welkom) | Stephan Potgieter | 083-357-0847 |
| **VALSCHRIVIER** | (Kroonstad) | Jaap Erasmus | 084-448-1578 |
| **VRYSTAAT SANDVELD** | (Soutpan) | Ben van der Merwe | 084-580-1040 |
| **WES-KAAP-PROVINSIE** | | | |
| (Streekkoördineerder: Justus Harms 082-497-4230) | | | |
| **BERGRIVIER** | (Piketberg) | Dave Ferguson | 083-306-2572 |
| **MASKAM** | (Vanrhynsdorp) | Willem van Niekerk | 083-633-2992 |
| **NAMAKWA** | (Springbok) | Carel Oberholzer | 082-805-0181 |
| **OVERBERG** | (Caledon) | Danie de Waal | 083-626-5538 |
| **SWARTLAND** | (Malmesbury) | Wynand Lotter | 082-929-8658 |
| **TAFELBERG** | (Bellville) | Wessel Symington | 082-351-9991 |
| **WESKUS** | (Vredenburg) | Jacques Smit | 082-517-9377 |

# BOKSPOG

*Stuur jou jagfoto's na: bokspog@sahunter.org*

## WENPRYS

GEBORG DEUR:

***Stevenson Hamilton***

**Die wenner van hierdie maand se *Bokspog,* Reghard Ernst, wen 'n produk beskikbaar op Stevenson Hamilton se webtuiste, *www.stevensonhamilton.co.za* ter waarde van R800.**

**Baie geluk, Reghard! Om jou prys te eis, stuur 'n e-pos aan: *admin@promark.co.za***




**REGHARD ERNST, VREDE, VRYSTAAT.** Blesbokram, .30-06 Spring, 180 grein, 190 meter.



**ANDRÉ VAN HEERDEN, UITZAKPAN, NOORD-KAAP.** Springbok, .243 Win, 87 grein Berger VLD, 140 meter.



**ANELDA SWART, BARKLY-WES, NOORD-KAAP.** Vlakvark, Musgrave, .243 Win, 180 meter.



**BASIL ARSENIOU, QUEENSTOWN, OOS-KAAP.** Sebra, Howa, .308 Win, 180 grein Nosler.



**RUBEN SMIT *(13 JAAR),* ALLDAYS, LIMPOPO.** Rooibok, Howa, .308 Win, 164 grein VLD, 70 meter.



**KOBUS SWANEPOEL, THABAZIMBI, LIMPOPO.** Blouwildebeesbul, Musgrave, .308 Win, 180 grein Nosler Ballistic Tip.



**BEN VAN DER WALT, JACOBSDAL, NOORD-KAAP.** Springbok, 7mm Rem Mag, 150 grein, 80 meter.



**JACQUES OELOFSE, FOCHVILLE, GAUTENG.** Blesbok, Webley & Scott, .30-06 Spring, 100 meter.



**PATRICE LAMARQUE, DE AAR, NOORD-KAAP.** Gemsbok, Blaser .270 Win, 150 grein Winchester, 100 meter.



**FRANCOIS VAN DER HOST, WATERPOORT, LIMPOPO.** Rooibokram, Steyr Mannlicher, 9.3x62mm, 286 grein, 50 meter.

## VEREISTES VIR BOKSPOG-FOTO'S:

**SA JAGTER/HUNTER publiseer geen foto's van die volgende nie:**

- **Kinders jonger as 10 jaar oud.**
- **Oormatige bloed op bokke of op die grond.**
- **Jagters met bloedbesmeerde gesigte.**
- **Jagters wat bo-op 'n gejagte dier sit of handgebare toon – dis oneerbiedig teenoor die dier.**
- **Foto's met "plakkate" waarop die jagafstand verskyn.**
- **Foto's waarop drank verskyn.**
- **Foto's waarvan die resolusie/kwaliteit onvoldoende is. Foto's moet verkieslik 1 MB groot wees. (Stel jou kamera op die hoogste resolusie/fotogrootte.)**
- **Enige foto wat jag in die oë van die algemene publiek in 'n swak lig sal stel.**

**Jou foto moet vergesel word van die volgende inligting in hierdie spesifieke volgorde: Jagter se naam en van; naaste dorp/stad; provinsie; spesie gejag; geweerfabrikaat; geweerkaliber; koeëlgewig in grein; koeël se maak; jagafstand. Uit die aard van die saak ontvang ons maandeliks baie meer inskrywings as waarvoor ons spasie het. Wees dus asseblief geduldig indien jou foto nie dadelik geplaas word nie. Stuur jou jagfoto's na: *bokspog@sahunter.org***

# JAG SONDER GRENSE

**Doen jouself 'n guns en gaan jag op 'n plaas sonder grense.**

In die derde kloof lig ek my verkyker tot teen my oë en dit voel of ek aan 'n elektriese heining vat soos ek ruk. Ek fluister vir Sniper dat ek 'n wit gesig en twee skottels sien. Sniper bevestig dit is 'n koedoekoei. Die Leica flikker en wys 'n ses, 'n een en 'n nul – die adrenalien begin sommer dadelik vloei!

Met 'n strategie in plek beweeg ons plat op ons knieë in trurat op ons spore en dan versigtig vorentoe op 'n klipbank tussen die bosse. Koedoes op oop plase verdwyn mos vinniger as 'n no. 13-*spanner* uit 'n werkswinkel. Opgewondenheid en geduld baklei woes in my binneste. Uiteindelik is dit opgewondenheid wat die oorhand kry en ek sleep my voete baie vinniger vorentoe as wat geduld dit sou doen. Op ons pense loer ons by die klipbank af, net om te besef dat die terrein ons om die bos lei. Die koeie is nog ver vorentoe en nie reg onder ons soos ons vermoed het nie.

Minute later vind 'n herhaling van vroeër plaas. Ek gewaar drie koeie in die troppie skuins onder ons in die digte plantegroei. Natuurlik laat ek my nie vertel die drie aantreklike dames is op hul eie nie. Elke boom, bos, skaduwee en klip word deurgekyk – weer en weer en weer en dan… "Daar's hy!" skree ek kliphard vir myself. Ek beduie vir Sniper ek sien twee diep draaie van 'n koedoebul net-net bo 'n besembos op 'n krans oorkant ons.

Aan my regterkant is die kloof se ingang, reguit oos. Onder op





BO: Sniper se lêplek, gereed vir 'n skoot.

HOOFFOTO: Die pers kombers donker wolke wat ongekende reën gebring het. Hier was ons op pad na die jagplek vanaf ons blyplek.

die voet van die kloof gewaar ek jou wraggies nog 'n klomp bokke van dieselfde draaihoringspesie as dié reg voor ons. Om ons kanse op sukses te verbeter, stel ek voor dat ons eerder na die ander trop koedoes beweeg. Vir 'n man met 'n kolonie rooimiere in sy broek lê Sniper al geruime tyd doodstil en ek weet voor my siel dit is net 'n kwessie van tyd voor 'n skoot gaan loop.

Ek pleit by Sniper om my net 'n halfuur te gee sodat ek tot by die ander trop koedoes onder in die kloof kan kom en maak my skaars. Terwyl ek oor die rowwe terrein op die plato skarrel op pad na "my" trop koedoes, lig Sniper my oor die tweerigtingradio in dat daar nog twee koedoebulle saam met ou Diepdraaie is – 'n mooi volwasse bul, asook 'n jong een. Ongeag die ouderdom of horinglengte is dit goeie nuus.

Uitasem en opgewonde neem ek 'n gemaklike sitposisie in op 'n klipbank wat ook 'n trappie maak. Vanuit die hoek waarteen ek sit, gewaar ek vir Sniper, 'n halfdosyn koedoekoeie en Diepdraaie met sy twee trawante. Voor my kan ek die twee koedoekoeie van vroeër uitmaak tussen die bosse reg onder my, 310 meter weg volgens die Leica. Laasgenoemde word met moeite hanteer weens die ruiter op sy windjie wat sedert die vorige dag met ons aankoms op die plaas al teen 'n stewige pas galop het.

Teen 4:30 die oggend begin Sniper en ek met voorbereidings vir die jagdag in die berge. Rugsakke met genoeg brandstof en vloeistof, asook roere word reggekry. Gedurende hierdie sessie verneem ons dat die ruiter nie meer alleen is nie. Ongekend aan die wintermaande, het drie musketiers – weerlig, donderweer en reën – by die ruiter aangesluit. Dan giet 'n donkerpers kombers reg rondom ons water op die aarde uit en sorg ook dat die son, wat jagters moet bystaan, 'n korter werksdag het. By die eerste hek drup dit nog saggies op die 4x4 se windskerm. Twee hekke later, en ons is in die hoofpad onderweg na die berge. Twintig minute later op die klam grondpad, sleutel ek die elektriese hek se kode in by die plaas se netjiese sandsteeningang.

By die plaasopstal skud ons blad en drink 'n vinnige koffie terwyl boerdery en roere bespreek word. Met die windrigting in ag genome, verduidelik die eienaar in watter klowe ons suksesvol sal wees. Ten spyte van groot opgewondenheid sal ek jok as ek sê dit is 'n plesier »




**Svên in sy natuurlike habitat: my 7mm-08 Rem wat ek spesifiek vir bergjag aanmekaargesit het.**



**Mellies en Sniper, twee neefs en jare lange jagvriende, by Mellies se bul.**



» agter op die 4x4. Sniper en ek maak beurte om hekke te diens tot voor die steil berge. Die 4x4 word tot stilstand gebring, daar word na eerste rat, lae bestek oorgeskakel, en die V6-masjien neem ons (amper) doodstil en sonder moeite met die tweespoorpad tot heel bo.

Bo-op die berg stap ons met 'n wye draai sodat die wind in ons guns reg van voor is. Intussen het Spike ook opgedaag as ekstra hulp. Die eerste twee klowe het net rooiribbokke. Op die buurplaas staan 'n enkele ribbokram uit die wind, sy dik nek met oranje jas duidelik sigbaar. Dié bergbokkies bly darem mooi en het uitstekende vleis. Alhoewel rooiribbokke op die spyskaart is, wil ons eers vir 'n koedoe elk probeer, wat so drie klikke moeiliker is om te jag. Bergjag bly maar 'n gunsteling, en met elke kloof wat voor my gaap of rant wat met die verkyker verken word, voel ek vooraf soos 'n kleuter met 'n *lucky packet* – 'n verrassing in die vorm van koedoes, rooiribbokke of selfs vlakvarke indien ek gelukkig is.

As gevolg van die CCI250 se vonkie wat die N560 maak brand in die .300 Win Mag-dop en 'n 200 grein Nosler Accu-Bond deur die loop druk, weerklink 'n massiewe gedonder deur die klowe. En soos dit *hot dogs* gereën het toe Ouboet van *Orkney Snork* nie se *hot dog*-waentjie ontplof het, reën dit koedoes!

Arme Svên klink soos 'n baba in 'n ou Cruiser op 'n sinkplaatpad soos hy skud.

'n Grys streep van 12 vroulike en jong diere hardloop weg van die geraas af, bergop. Die twee bulle saam met Diepdraaie beweeg staan-staan weg van Sniper af. Laasgenoemde is nie saam met hulle nie. Sniper laat weet dat hy Diepdraaie geskiet het, maar die ou grote het blykbaar sy adrenalienpompie ingepak en is weer op die been, reg vir episode twee. Nietemin, die man hou mooi kop en 'n tweede skoot weergalm kort daarna...

Sniper is baie verlig en op pad na sy welverdiende koedoebul. Sy geskarrel tussen die digte plantegroei veroorsaak dat die twee jonger bulle spoed optel. Ek hoop met alles in my dat een van hulle sal onthou van 'n handrem wat tot hulle beskikking is sodra hulle by die onrustige koeie onder my aansluit. Ek voel hoe my skoene vol word van my moed wat sak, want die koeie skrik vir die bulle en die bulle vir die koeie. Koedoes het seker Brahmaanbloed, dink ek. Hulle skrik vir mekaar, vir hul eie ore en spring draad vir 'n grap.

Onder my is 'n trop koedoes wat nou hol. Tyd vir tel is daar nie. Svên (my 7mm-08 Rem of *seven-em-em-oh-eight* soos die Yanks sê) wil nog h'm en ha toe



**LINKS: My bul soos ek hom gekry het. Die sloot op die agtergrond het sy spoed gebreek.**

**ONDER: Swaar dra... Jagters en helpers sweet bloed in die berge om groot bokke te laai.**





**Sniper en Diepdraai. Die bul was ongelukkig al stokstyf en beter foto's dus nie moontlik nie.**

het ek hom onder sy pens beet en laat waai. Nie draf of drafstap nie, oopketel in 'n poging om die koedoes af te sny of darem te sien waarheen hulle in die volgende kloof beweeg. Arme Svên klink soos 'n baba in 'n ou Cruiser op 'n sinkplaatpad soos hy skud. Voor my gaap die kloof waarheen ons almal gehardloop het. Daar is geen manier dat die trop ongesiens bergop is nie; dit is net té vêr. Hulle moet êrens onder my wees. Teleurgesteld en poegaai, lig ek weer die Leica en hoop ek het sekondes gelede iets gemis. My droë keel wat fluit en pleit lawe ek met 'n geel energiedrankie en my bene rus, my sitvlak plat op die koue klip. Intussen laat weet Sniper hy is in my rigting op pad. Ek wou nog instruksies vir "plan B" deurgee, toe bars die groter bul onder my uit. Sy ratkas moet baie oud wees, want hy weet net van stop en *overdrive*.

Op 320 meter steek hy voor 'n groot donga vas en swenk na regs, weg van die vlakte af. Ek lê agter Svên en moet skuif-skuif soos hy voor my verbybeweeg. Op 250 meter (vinnig geskat) steek hy vas – plankdwars, neus omhoog en ore gespits... Ek konsentreer en mik laag op die blad. Die Leupold VX5 se verligte rooi kolletjie is van groot hulp. Die 150 grein Nosler Ballistic Tip vlieg vir 'n halfsekonde en klap hard teen die mooi dier se linkerblad. Deur die teleskoop sien ek die regteragterbeen wat in die lug skop, kenmerkend van 'n hartskoot.

'n Paar treë verder slaan hy letterlik gat-oor-kop met sy voorpote wat onder hom padgee. Ek en Svên het hard gewerk en hy kon uiteindelik sy staal wys met presies waarvoor hy aangeskaf is – as bergjagroer. Ná sowat 'n uur sluit Sniper en die laaispan by my aan. Gelukkig is daar 'n pad 20 meter van ons af en laai die 12 hande my bul sonder moeite.

Om 'n lang storie kort te maak: Sniper se Diepdraaie lê nie naby 'n pad nie. Die naaste pad is van so 'n aard dat die karkas opgesny en na bo gesleep moet word. Nou ja, jagters wat al in dieselfde bootjie was, sal presies weet waarvan ek praat. Die laaste dag is beide Sniper en ek ook suksesvol met 'n rooiribbokram elk, maar dit is 'n storie vir 'n ander dag. Doen jouself 'n guns en gaan jag op 'n plaas sonder grense – die grense van plesier en satisfaksie is ongekend.



**Ons uitsig van waar Sniper geskiet het. Aan die onderkant van die kloof is die koedoes wat ek bekruip het van die kranse heel regs.**



**My stokou ribbokram op die laaste oggend.**

# LOVEX-DRYFMIDDELS

Herlaaiers kan nou uitsien na 'n dryfmiddelreeks wat algemeen verkrygbaar en boonop meer bekostigbaar is.




Lovex-dryfmiddels is nou in Suid-Afrika beskikbaar. Dit is van hoë gehalte en het baie goeie resultate met ons toetse gelewer.

Die Suider-Afrikaanse mark het die afgelope paar jaar maar 'n moeilike tyd beleef met die onverkrygbaarheid van dryfmiddels ná die Somchem-tragedie, Covid-19 en die massiewe plaaslike aanvraag in Amerika en elders. Ondanks die groothandelaars se beste pogings, was invoere maar sporadies en pryse het die hoogte ingeskiet nadat die rand teen die dollar verswak het. Dit is alles slegte nuus vir herlaaiers. Die goeie nuus is dat daar nou nóg 'n dryfmiddelreeks beskikbaar is in die vorm van Lovex. North West Explosive Technologies (NWXT) is die invoerder van dié reeks en het drie van hulle langgeweerdryfmiddels vir SA JAGTER/HUNTER gegee om te toets. Ek het vir Kassie Kasselman, Harold van Niekerk en Johann Ungerer gevra om dit saam met my te toets en hul opinies en resultate te deel.

Lovex word vervaardig deur Explosia, 'n 100-jaar oue Tsjeggiese maatskappy wat beter bekend is vir die ontwikkeling van Semtex-plofstof. 'n Aanlyn herlaaihandleiding is beskikbaar vir hul hele reeks wat agt verskillende handwapendryfmiddels, dertien geweerdryfmiddels en vier haelgeweerdryfmiddels, asook swartkruit insluit. Die herlaaihandleiding se drukvlak lys CIP-standaarde.

Eerste aan die beurt is S062, wat volgens Lovex se "Geskatte brandkoers"-tabel soortgelyk is aan Hodgdon se H4895, IMR 4895 en Vihtavuori se N530. Dit is 'n enkelbasis- tubulêre kruit met korrels effe kleiner as dié van S365. Verwag dus om meer (hoër lading in gewig) dryfmiddel in 'n dop te kry as byvoorbeeld S365 as gevolg van die kleiner korreltjies. Volgens Lovex is S062 geskik vir die volgende kalibers: .22-250 Rem, 6,5x55, 6,5x57, .270 Win, 7x57, 7x64, .303 BR, .308 Win en .30-06 Spring, asook die 8mm's, 9,3x62mm en 9,3x72mm. (Die Europese kalibers wat nie hier gewild is nie, word nie hier gelys nie.) Laasgenoemde lys is die aanbevole aanwending, maar S062 word ook gelys as bruikbaar in die 6.5 Creedmoor, 7mm Rem Mag, .300 Win Mag en 9,3x74R. Ook as bruikbaar gelys, is die .243 Remington (sic). Wat Lovex hierby bedoel, weet ek nie – verwys hulle na 'n 6mm Remington of .243 Winchester? Ek vermoed laasgenoemde, maar wees versigtig (sien meer hieroor later). Ek het vir dr. Harold van Niekerk gevra om dit in sy Sako 85 in .308 Win te toets. Harold is 'n gesoute herlaaier en skut en sy geweer skiet op die spreekwoordelike tiekie.

**HAROLD SE KOMMENTAAR**

Ek het Lovex S062 met Somchem S355 vergelyk vir gebruik in my Sako 85 in .308 Win om die geskiktheid van Lovex S062 vir die .308 Win te bepaal. Volgens die Lovex-herlaaitabelle wil dit voorkom of S062 die geskikste kruit sal wees. Volgens verskeie brandspoedtabelle wat op die Internet beskikbaar is, blyk dit dat S062 vergelyk kan word met Hodgdon Varget, Norma 203B en Vihtavuori N135 en dat die naaste Somchem-kruit S355 behoort te wees. Let op hoe die brandspoedinligting op die Internet verskil van wat Lovex self publiseer.

Om S062 met S355 te vergelyk het ek Lapua-doppe, CCI 200-slagdoppies en Sierra 180 grein GameKing-punte gebruik. Drie vergelykende ladings van S355 en S062 teen 42 grein, 43 grein en 44 grein onderskeidelik is gebruik, asook 'n addisionele lading van 45 grein S062. Die resultate van die vergelykende toets word in die tabel aangedui en, anders as wat verwag is, het S062 'n gemiddeld van 55 voet per sekonde (vps) hoër tromp-snelheid getoon. Met dieselfde doppe, slagdoppies en punte is die verskil tussen 42 grein S355 en S335 in hierdie geweer ongeveer 170 vps. Dit wil dus voor-

| LADING | SOMCHEM S355 | | LOVEX S062 | | SPOEDVERSKIL |
|---|---|---|---|---|---|
| GREIN | VPS | VERSPREIDING | VPS | VERSPREIDING | VPS |
| 3 x 42 gr | 2 326, 2 351, 2 322 (Gem. 2 333) | 29 | 2 364, 2 364, 2 372 (2 367) | 8 | 34 |
| 3 x 43 gr | 2 359, 2 393, 2 393 (Gem. 2 382) | 34 | 2 442, 2 437, 2 450 (2 443) | 13 | 62 |
| 3 x 44 gr | 2 419, 2 415, 2 437 (2 424) | 22 | 2 496, 2 496, 2 487 (2 493) | 9 | 69 |
| 3 x 45 gr | | | 2 583, 2 569, 2 564 (2 572) | 19 | |
| | **GEMIDDELD** | **28,33** | **GEMIDDELD** | **12,25** | **55** |

kom of S062 se brandspoed tussen S335 en S355 lê, met 'n definitiewe neiging na S355 se kant – dus 'n ideale brandspoed vir die .308 Win. Dit is ook baie duidelik dat die S062 'n baie laer spoedvariasie getoon het vergeleke met S355. Wat die kruitvolume aanbetref, kon ek 4 grein meer S062 in 'n vol dop (totale dopvolume) kry as S355. Dit kan baie voordelig wees as jy 'n stadiger kruit met ligte punte wil gebruik. Die doel van die toets was nie om groeperings te vergelyk nie, maar afgesien van die feit dat S355 hoër spoedvariasie getoon het, het dit met hierdie kombinasie beter groeperings op 100 m gegee. Omdat die temperatuur en veral die windspoed gedurende die toets gestyg het, sou 'n mens nie te veel in die groeperingsresultate kan inlees nie. Alhoewel daar geen tekens van druk was met die hoogste ladings nie, is dit belangrik om te noem dat die Sako 85 wat gebruik is, 'n groot kamer het en dat die 180 grein GameKings ongeveer 3 mm van die landings af weg was.

**TEMPERATUURSENSITIWITEIT**

Harold se resultate lyk belowend en ek het besluit om S062 se temperatuursensitiwiteit in my CZ .30-06 Spring te toets. Ek het nege patrone met S062 gelaai teen my normale S365-lading en drie patrone afgekoel tot 4 °C, drie teen die heersende temperatuur gehou (18 °C op die dag) en drie warm gemaak tot 38 °C. Ek het sorg gedra om die patrone redelik vinnig ná mekaar te skiet om te verhoed dat hulle temperatuur noemenswaardig verander van wat beplan is. Die drie koue patrone se spoed was 2 478, 2 437 en 2 437 vps (gem. 2 451 vps), die drie patrone met die heersende temperatuur se spoed was 2 544, 2 455 en 2 464 vps (gem. 2 487 vps), en die drie warm patrone se spoed was 2 525, 2 549 en 2 534 vps (gem. 2 536 vps). Daar is dus 'n verskil van 85 vps tussen die koudste en warmste patrone – iets wat die lesers wat fyn skiet, in gedagte sal moet hou. In die jagveld sal dit natuurlik van geen belang wees nie – die gekombineerde groep van die nege skote op 100 m was steeds onder 36 mm, wat meer as aanvaarbaar vir jagdoeleindes is.

**LOVEX S070**

S070 is ook 'n enkelbasis- tubulêre kruit waarvan die korrels effe kleiner is as S365, maar effe groter as S062 (sien foto links). Volgens Lovex se tabelle is dit die aanbevole kruit vir die .243 Remington (sic), die 6.5x55, 6.5x57, 6,5 Creedmoor, .270 Win, 7mm Rem Mag, .30-06 Springfield, .300 Win Mag, die 8mm's, .338 Lapua Mag, 9,3x72 en 9,3x74R. Dit word ook gelys as bruikbaar in die 7x57mm, 7x64 en .45-70 Government.

**KASSIE KASSELMAN SE KOMMENTAAR OP LOVEX S070**

Ek het 'n vergelyking met 'n ewe presterende dryfmiddel, Vihtavouri (VV) N555, op 'n .270 Win en 'n 150 grein Bergerkoeël gemaak en wil die aan- »




Die relatiewe korrelgroottes van S365, S062, S070 en S071.

| KALIBER | .270 Win Sako (K98) | .270 Win Sako (K98) |
|---|---|---|
| KOEËL | 150 gr Berger VLD Hunter | 150 gr Berger VLD Hunter |
| TPL | 93,5 mm | 93,5 mm |
| DRYFMIDDEL | Lovex S070 | VV N555 |
| LADING | 52,2 gr | 53.7 gr |
| LD % | 94,4% | 97,9% |
| DOP | PMP | PMP |
| DOPLENGTE | 64,3 mm | 64,3 mm |
| DOPKAPASITEIT | 68.5 gn $H_2O$ | 68.5 gn $H_2O$ |
| SLAGDOPPIE | Murom 338M | Murom 338M |
| DRUK (Skat. psi) | 57,700 psi | 56,500 psi |
| SPOED (vps) | 2 845 | 2 921 |
| ES (vps) | 24 | 18 |
| SD (vps) | 10.34 | 7.72 |
| GROEPGROOTTE | 16,6 mm | 13,8 mm |

» dag op een of twee fokuspunte vestig: Lovex S070 is 'n vinniger brandende dryfmiddel as VV N555, maar stadiger as VV N550. Dit is dus in dieselfde kategorie as Somchem se S365, IMR4350, Hodgdon 4350, Norma URP, VV N550 en VV N555. Let op die verskil in druk tussen die twee wat vergelyk is in verhouding met die spoed en dopvullings (ladingdigtheid). Dieselfde lading kan nie summier gebruik word as die lading wat vir enige van bogenoemde kategorieë gebruik word nie; begin altyd by die laagste lading. Lovex S070 is 'n baie bruikbare plaasvervanger vir iets soos S365, met die nodige aanpassings. Ek het ook die bruikbaarheid daarvan in 'n 6.5 Creedmoor beproef. Lovex S070 is heeltemal bruikbaar in 'n Creedmoor, baie dieselfde as S365, maar met 'n groter dopvulsyfer. Ek moes 'n langsteeltregter gebruik en die lading effens kompakteer tot 44 grein om 'n ordespoed van 2 750 vps te behaal uit 'n Tikka met 'n 602 mm-loop. Die groepie was heeltemal aanvaarbaar teen 16,6 mm. Sonder dat ek bevestigende toetse gedoen het, behoort Lovex S062 in te staan vir Somchem se S335, VV N530, Norma 202, IMR 4031, ens.

Ek het vriend Johann Ungerer gevra om beide S062 en S070 te toets in sy .404 Jeffery en te vergelyk met S365 wat hy gewoonlik gebruik. Sy resultate verskyn in die volgende tabel hieronder.

Dit is duidelik dat beide S062 en S070 geskik is vir sy .404 Jeffery en dat S062 'n beduidend hoër trompsnelheid as S365 en S070 lewer. Met verdere lading-




Dr. Harold van Niekerk se groeperings met sy Sako 85.

| DRYFMIDDEL | LADING | KOEËL | DOP | SLAGDOPPIE | SPOED 1 vps | SPOED 2 vps | SPOED 3 vps | GEM. SPOED vps |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **S365** | 76 gr | Claw, 400 gr | Norma | Remington LRM | 2 044 | 2 027 | -* | 2 036 |
| | | | | | | | | |
| **S070** | 76 gr | Claw, 400 gr | Norma | Remington LRM | 1 971 | 1 958 | 1 984 | 1 971 |
| | | | | | | | | |
| **S062** | 76 gr | Claw, 400 gr | Norma | Remington LRM | 2 207 | 2 252 | 2 253 | 2 237 |

** Die derde skoot het ongelukkig Johann se kronograaf verwoes.*

ontwikkeling behoort enige van die twee vir hom te werk. Sy groepering met die S070 was baie goed – drie skote deur een lang gat. Die groot kalibers is nie so sensitief vir ladingafwyking nie en albei hierdie dryfmiddels behoort te werk as 'n vervanging van S365 vir die .500 Jeffery, .500 NE en die ander kalibers wat gewoonlik S365 gebruik.

Die baie lae spoedafwyking/verspreiding tussen skote het my oor die algemeen beïndruk. Lovex is beslis 'n kwaliteitdryfmiddel en definitief 'n opsie vir die herlaaier wat nie meer sy "gewone" dryfmiddel in die hande kan kry nie.

Die ladings hierbo genoem sal nie noodwendig vir jou werk nie en is ook nie noodwendig veilig in jou geweer met 'n ander kombinasie van herlaaikomponente nie. Moet nóóit enige lading summier as 'n plaasvervanger vir enige ander lading gebruik nie. Doen jou navorsing – begin altyd by die minimum aanbevole ladings en werk stadig op.

Drie Lovex-dryfmiddels is tans plaaslik vir gewere beskikbaar – S062 en S070 wat ons in hierdie uitgawe getoets het, asook S071 wat ons in die volgende uitgawe sal beskryf. Dit is verkrygbaar by verskeie wapenwinkels landwyd teen pryse effe beter as waaraan ons deesdae gewoond is. Die verpakking is in 500 gram-bottels. Volgens die invoerder kry hulle gereelde besendings. Lovex-dryfmiddels is tans by die volgende wapenwinkels beskikbaar: Camdix, Pierre Hofmeyer Wapens, Ammo Depot, False Bay Firearm Training Academy, Wildman (George en Kaapstad) en King's Firearms.

*Kontak Gerhardt Oosthuizen by 083-300-9062 /* gerhard@nwxt.org *of Roelf Hatting by 082-311-5974 /* roelf@nwxt.org *vir groothandelsnavrae.*








# Letter to THE KAROO



The Karoo has a way of endearing itself to the hunter's heart.

TOP: Jaques Martens and Waheed Mahomed waiting patiently.

BOTTOM: The two rams mentioned in the letter.

## Dear Karoo

I hope that this letter finds you in peace and weathered tranquillity.

It was not too long ago that I had the honour of spending some time in your company, for which I will be forever grateful. I was always partial to the forests and bushveld of South Africa and did not hold you in very high regard. Your semi-arid plains appeared too bare to create much excitement in me – oh, how that has changed in the last few days!

I experienced my first *voorsit* hunt on your plains during July 2022, and it has changed my perception of you forever. Herewith is a recollection of our brief time together.







**TOP: A beautiful Karoo sunset.**

**BOTTOM: The hunting party from left to right: Logan Martens, Oom Hennie Martens, Sybrand van Zyl, Leander Gagiano, Petri Strydom and Jaques Martens.**

I could not contain my excitement at the prospect of our first encounter. The day started off at five o'clock, with a 600 km journey ahead to the hunting field. The drive was long but filled with chatter, meeting our hunting companions and the exchange of pleasantries before we were on our way again – three vehicles and eight hunters in high spirits.

On the first day, you and I were left in each other's company. Most first-time meetings can be a little awkward, especially without any other people to carry the conversation. It was intimidating to be so exposed and without any distractions. Your scorched appearance showed your resilience against time and the barrage of climatic shifts you had endured over the millennia.

A few hours went by, and I felt like we had eased into a relaxed conversation. You showed me your flora, birdlife and a few springbuck, but they were too skittish or too far away for any engagement.

Our conversation intensified when I took aim at some springbuck. The shots missed their intended targets because of user error – I incorrectly compensated for the distance of the animals. I used too much holdover when the springbuck were actually close. There was no wounding, only springbuck scurrying for their lives as the shots rang out. After that bout of excitement, and as the day drew to a close, I spotted a lone ram wandering towards me.

Your winds grew colder and your appearance darkened against the dipping sun. As the solitary ram got closer, it turned away from me. In a rushed decision, I decided to take a chance at it. My view was unobscured, and I could see the ram looking to the left, his backside towards me. I would have to place the shot far back due to the shooting angle and shoot through the back, left side of the rump to penetrate the chest cavity – a quartering-away shot that would result in great biltong loss.

Carefully, I squeezed off the shot. The angle was good, but the shot was too low as I had used the 100 m zero. The ram went down but was not fatally wounded. I rushed to chamber another cartridge. Seeing a farmhand moving towards the buck, I realised it was too risky for another shot, so I jumped up and rushed towards the downed ram. As I got closer and the tracker was out of harm's way, I shouldered the rifle and put a second bullet between the ram's eyes, ending its suffering. You smiled upon me, and we ended our conversation for the day with a ram hunted late afternoon.

On the second day, we arose early to a clear, brisk morning without cloud cover. It was much warmer, but two layers of clothing were still required, even though I would spend the day in the sun. Despite clear skies, the wind was icy in the afternoon. Apart from the sound of the wind and occasional radio chatter, all one could hear was the animals and the voices in your head – the voices we drown out with the day-to-day busyness of city living.

By mid-morning, we were in each other's company again, and I was dropped off at the bush that would be my cover for the day. After my sighting in and poor performance of the previous day, I re-evaluated the aiming point and dialled the reticle two clicks to the left because both the target and shot placement indicated I was biased to the right.

An hour later, I had already»

» hunted a springbuck ram at 150 m with a perfect heart/lung shot. He was trotting up the side of the fence, looking for an opening to get through. As he turned broadside, I squeezed the trigger. Jolting from the impact, the ram ran about 20 m before expiring. Our morning conversation was off to a great start!

As we talked, I noted that your contour consisted of flat, red soil, dotted with small shrubs and *koppies* in the distance. Your character was silent, and you wore cologne that smelt like freedom. It was easy to identify far-off dwellings on your topography as they were surrounded by lush clumps of trees and bright greenery, forming a stark contrast to the small bushes and red soil. If only I were not shackled to the trappings of modern life, I could live here in the solitude where the mind feels free and the soul feels light.

The absence of cellular reception afforded me freedom from electronics and social media that steal time from us without us realising it. I believe this is why we feel so busy in the modern world: we are busy with *busyness,* wasting time by occupying it with social media and meaningless scrolling and news. Here you and I sat, without radio waves, engaged in meaningful conversation about *being*.

We briefly talked about two of your inhabitants, Piet and Lolla. They were very hospitable, and at the age of 72, they moved around with relative ease. In fact, Lolla moved around with the speed of someone 20 years her junior! You had cared for them well and raised them to be strong. Their home was modest, containing only necessities and many repurposed items. Make no mistake, they were not simple-minded, but only simple in their needs of material items.

Around three o'clock, Petri, who was close to me in the field, called, *"Waheed, hulle is op pad jou kant toe!"* He was referring to three springbuck that were walking up from his easterly position towards me.

Our conversation slowed. I started glassing the area to find them and eventually spotted them about 400 m off. You murmured softly to me as they came strolling towards me in single file. I eased off the safety but thought to myself they would run away when getting closer because that was what happened numerous times earlier that day.

The springbuck closed in slowly – 300 m, 200 m, and finally, 150 m – now within reliable shot placement range. I wondered if they would stand still. The ram at the back seemed the largest of the three, so I focused on him. As I whispered to him, he stopped to look around. I seized the opportunity, exhaled, held steady and squeezed. The shot rang out and I saw the puff of dust rising from his back from the bullet impact. He nearly buckled before sprinting a few metres. I immediately chambered another cartridge, but he was close enough for me to see the blood starting to colour his nose. I knew he would be going down soon. In my scope, I saw the other two springbuck dashing off in a zigzag pattern. As my intended target succumbed to his wound, I noticed that one of his travel companions stopped to look back. As he came to a halt, I was in the perfect position to squeeze off the chambered cartridge.

The two shots must have been taken within a minute of each other, but behind the scope, time had slowed down and I did not feel rushed into the shot. I felt in control and steady, but it was the "bloodlust" creeping up on me that I was aware of and feared. As soon as the second springbuck was hit, I saw it fall and already found myself chambering another cartridge to aim at the third one. However, I staved off the "bloodlust" by lifting the bolt and telling myself, "Enough!" Watching the third springbuck escape, I stood up. "I have two and I'm done," I radioed. Walking in the direction of the harvested animals, I could easily spot the second buck lying in the dirt. Then I went further east to find the first one, a real beauty, and carried it to the other buck to take a unique picture of the two animals hunted together in the field.

By mid-afternoon, it was all over. I packed away my gear and waited for the transport to collect me and my bounty that lay before me. We ended our conversation with a smile and with your gift of two superb springbuck.

The last night was one of relaxation and regret – regret that the next day I would part ways with you. I wish we had more time together. There was something about your silent demeanour, your wisdom; a beauty I could not understand but can now fully appreciate.

Dear Karoo, thank you for the time we could spend together and the gifts you graciously granted me. I will be back!



**BOTTOM: The Karoo plains – vast, open, empty, yet so inviting and full of life.**


ON SALE NOW!
Don't miss our
MAN MAGNUM TACTICAL GUIDE
MAN MAGNUM
TACTICAL GUIDE
SEMI-AUTO: AK or AR?
CALIBRES FOR LONG SHOTS
DEFENCE SHOOTING: How to Fight to Survive
BEST LONG RANGE RIFLES
SUB-COMPACTS: Why You Should Consider Carrying One
HOW TO
Choose a Defence Pistol
Find the Perfect EDC Knife
Select Tactical Gloves
Pick a Scope
Select a Holster
THE GALIL / R4 RIFLE
LOW DOWN ON SUPPRESSORS
Tactical .22LR
Get into Long Range Shooting
DEFENCE AMMO: Our Top Picks
Handgun Lights & Sights
On a magazine rack near you.
ONLY R90

# DO MANUALS LIE?
# MAKING HEADS OR TAILS OF RELOADING MANUAL DATA




Reloading is not for the faint-hearted and can be very confusing. Different reloading manuals publish different loads – they are all correct, but not identical.

I hope the title of this article will make you sit up and take notice. Before we delve into this question, however, it is necessary to look at some reloading manual data to use as a basis for analysis. The load in question is for a 150-grain bullet atop IMR-4350 in the .30-06 Springfield cartridge with velocities from 24” (610 mm) barrels.

In the USA, the Sporting Arms and Ammunition Manufacturer’s Institute (SAAMI) regulates commercial cartridge dimensions and specifications. Some European and a few other countries around the world follow the Commission Internationale Permanente pour l’épreuve des armes à feu portatives (CIP) dimensions and specifications.

In **Table 2**, we note that the CIP and SAAMI cartridge overall length (COAL) dimensional specifications are identical, but according to **Table 1**, only one reloading manual (Berger) used that dimension for the development of its data! Every other manual used different, shorter COAL dimensions! The reason for this is that commercially produced cartridges are only required not to exceed the maximum specified length, and many other practical reasons led to commercial and load development cartridges being loaded shorter.

For some or other reason, many reloaders believe that there is one maximum load for a cartridge, and that maximum load is what they want to obtain from the gun shop salesman. I get the question every day. Even after explaining that there is no such thing as a projected maximum load, I am still asked: So, what is the maximum charge?

Let us try and clarify the mat-

**TABLE 2: INTERNATIONAL MAXIMUM COAL SPECIFICATIONS**

| INSTITUTION | COAL std | COAL metric |
|---|---|---|
| **CIP** | 3.340” | 84,84 mm |
| **SAAMI** | 3,340” | 84,84 mm |

**TABLE 1: MANUAL DATA COMPARISON**

| MANUAL | START LOAD | MAX LOAD | VELOCITY | V-C FACTOR | COAL |
|---|---|---|---|---|---|
| ***Speer Manual*** | 55.0 | 59.0 | 2 872 fps | 48.68 | 3.160” (80,26 mm) |
| ***Lyman Manual*** | - | 57.0 | 2 887 fps | 50.65 | 3.280” (83,31 mm) |
| ***Hodgdon Manual*** | 54.0 | 58.0 | 2 942 fps | 50.72 | 3.300” (83,82 mm) |
| ***Berger Manual*** | 52.0 | 57.7 | 2 950 fps | 51.13 | 3.340v (84,84 mm) |
| ***Nosler Manual*** | 55.0 | 59.0 | 3 000 fps | 50.85 | 3.320” (84,33 mm) |
| ***Barnes Manual*** | 54.0 | 58.0 | 3 039 fps | 52.40 | - |
| AVERAGE | **54.0** | **58.1 grains** | **2,948 fps** | **50.74** | **3.280” (83,31 mm)** |

*(Note: V-C factor is velocity divided by propellant charge)*

ter as best we can. The lowest maximum propellant charge in **Table 1** is 57.0 grains of IMR-4350 (*Lyman Manual*), and the highest is 59.0 grains (*Speer Manual*). That constitutes a maximum load extreme spread of 2.0 grains, or almost 3.51%, and a standard deviation of 0.708 grains. Looking at velocity, we find that the lowest velocity is 2 872 fps and the highest 3 039 fps – an extreme spread of 167 fps (5.81%) and a standard deviation of 58.48!

If dedicated specialist companies with highly trained ballisticians cannot even generate identical data in controlled-environment, ballistic laboratories using highly specialised equipment worth millions of rands, how on earth can the reloader expect exact advice from the ballistic consultant at his gun shop? To put it bluntly, it is an unrealistic expectation. More important is that all the different published loads in **Table 1** are correct; they simply are not identical.

How can they possibly all be correct but be in apparent disagreement as to maximum loads and velocities? It is simple – variables. Those very variables that the reloader, who insists on a maximum load from the gun shop salesman, ignores while adding to the variables. Data developers do not all use the exact same barrel, bullets and cases, primers or even the same batches of propellant. They also do not use the exact same pressure testing equipment, piezo sensors, identical reloading dies, and so forth. It is impossible to generate the exact same dynamics. The reloader who wants an answer adds to the problem because it is an undeniable fact that his firearm, components and equipment will be different from the data developer's and probably not of the same quality and consistency.

For these reasons, there can never be a dogged adherence to an externally generated number. I always say that in ballistics, the only thing that never changes is the fact that everything *always* changes. To illustrate this point, allow me to list some data generated by two leading ballistic software programmes. The software is obviously not subject to variables such as platform, component and equipment variations. Therefore, technically, the solutions (maximum loads) should be identical because the software crushes numbers without the hassle of external variations and influences.

**Table 3** shows that even the internal software programmes do not come up with the same solution and data. In fact, even if we enter averaged data as computed in **Table 1**, we end up with some pretty dangerous loads exceeding the 60,000 psi (414 MPa) maximum specified pressure level! And that is not even the high 59.0-grain loads advocated in two respected manuals! Bear in mind that the Hornady bullets in **Table 3** are jacketed lead-core bullets, while the Barnes bullets obviously are mono-metal, which explains one aspect of the **Table 3** data. The point I am trying to make is that there is a dynamic but useable ratio between velocity and charge (V-C factor), as well as between velocity and pressure (P-V factor) as it pertains to a given ballistic situation (platform, equipment and components).

In **Table 1**, we note an average V-C factor of 50.74 at an average velocity of 2 948 fps. If we eliminate the extreme results (the lowest Speer and highest Barnes V-C factors because their extreme deviation levels obviously are exceptional), we find a pretty narrow V-C band between 50.65 (*Lyman Manual*) and 51.13 (*Berger Manual*), and a new average V-C between these two extremes of 50.89. This means the reloader can expect his reloads to generate around 50.65-51.13 fps per grain of propellant loaded if his variables are in line with those used by the data developers. He can also expect different results if his variables lean towards the Speer or Barnes situation, but that will be extreme.

Everybody knows that velocity and pressure increase as the propellant charge is increased.»

**TABLE 3: SOFTWARE P-V ANALYSES**

| PROGRAMME | BULLET | WEIGHT | CHARGE | VELOCITY | EST. PRESSURE | V-C FACTOR | P-V FACTOR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **QuickLOAD** | Sierra SPFB | 150 | 58.1 | 2 844 | 49,137 psi | 48.9 | 17.28 |
| **Gordons RT** | Sierra SPFB | 150 | 58.1 | 2 811 | 46,298 psi | 48.4 | 16.47 |
| | **AVERAGE** | | | **2 828** | **47,718 psi** | **48.7** | **16.87** |
| | | | | | | | |
| **QuickLOAD** | Hornady SST | 150 | 58.1 | 2 905 | 54,876 psi | 50.0 | 18.89 |
| **Gordons RT** | Hornady SST | 150 | 58.1 | 2 952 | 56,847 psi | 50.8 | 19.25 |
| | **AVERAGE** | | | **2 928** | **55,862 psi** | **50.4** | **19.07** |
| | | | | | | | |
| **QuickLOAD** | Hornady IntB | 150 | 58.1 | 2 800 | 59,434 psi | 48.2 | 21.23 |
| **Gordons RT** | Hornady IntB | 150 | 58.1 | 2 999 | 60,982 psi | 51.6 | 20.33 |
| | **AVERAGE** | | | **2 900** | **60,208 psi** | **49.9** | **20.78** |
| | | | | | | | |
| **QuickLOAD** | Barnes TTSX | 150 | 58.1 | 2 984 | 62,663 psi | 51.4 | 21.00 |
| **Gordons RT** | Barnes TTSX | 150 | 58.1 | 3 061 | 66,192 psi | 52.7 | 21.62 |
| | **AVERAGE** | | | **3 023** | **64,428 psi** | **52.1** | **21.31** |

*(Note: P-V factor is pressure divided by velocity)*

» There must obviously be a relationship between load, velocity and pressure.

In **Table 3**, we find a different P-V factor for each bullet modelled with the software programmes. This varies between 16.47 and 21.31, with an average of 19.05. From this, we can derive that pressure of around 19.05 psi will be generated for each fps velocity achieved.

Now, if we use the average velocity in **Table 1** (2 948 fps), the average P-V factor Table factor (19.508) will offer a pressure level of around 56,159 psi, which is fine. The problem is that the reloader does not know in which realm his variables fall, and neither does anyone else. We only know the following:

- Maximum safe velocity can vary from as low as about 2 872 fps to as high as 3 039 fps.
- Trained ballisticians with access to superb measuring equipment obtained an average of 2 948 fps maximum velocity at safe pressure levels.
- Unsafe loads can be generated by any maximum load exceeding 57.0 grains, as per the *Lyman Manual*.
- The reloader's variables differ, which means that even the above is not cast in stone, given his component and dimensional variables.
- Nobody can predict a safe maximum load for the reloader, and manuals and ballistic software can only provide guidelines.

This means the handloader can expect he may be able to achieve a muzzle velocity of ±2 950 fps. The only way to determine a safe load is to develop it using the guidelines available to him. Load development starts at a lesser (starting) load. In this scenario, it must be below 57.0 grains, which is the lowest maximum load. The 54.0-grain average starting load is recommended, but it can be as high as 55.0 grains.

This starting load must be fired over a chronograph to determine the V-C factor, which incidentally changes as the load and velocity change. It is not constant, but it is near and it is usable. Once the reloader has a V-C and a realistic maximum velocity expectation (±2 950 fps), he can extrapolate his actually fired results to estimate at roughly which maximum charge he will achieve that velocity. Let's assume he achieved a velocity of 2 812 fps with a starting load of 55.0 grains; the V-C factor will be 51.13. He now has something to work with and can expect a maximum load of around 57.7 grains for a muzzle velocity of about 2 950 fps. Armed with this information, the starting load can now be upped to, say, midway (56.4 grains) between his starting load and expected maximum. The resulting velocity from the midrange load should be around 2 884 fps, and that enters the **Table 1** possible maximum level. From hereon, the reloader must look for pressure signs such as:

- changes in noise, blast and recoil
- out-of-line velocity measurements
- base expansion
- primer flattening or cratering
- sticky bolt opening

The reloader should stop increasing charges if any such pressure signs manifest. On the other hand, if none manifest, he can increase the maximum charge in small increments (0.3 grain) until a pressure sign manifests or until he achieves the desired, realistic velocity. In our scenario, this is 2 950 fps, or even a point between that and the maximum listed velocity (3 039 fps) in Table 1.

Safety is more important than velocity, and a velocity gain of 89 fps between the average and possible maximum velocity offers no tangible benefit to the reloader unless he is an extended-range competitive shooter – even then, this is not advised. There simply is no need to wring unnecessary, non-beneficial extra velocity from a load and risk injury while also increasing wear and tear on the rifle and barrel.

It should be obvious to all that every reloader's results will differ, but also that a realistic combination velocity level should be the guiding principle in load development, rather than a fixation with the propellant grain value. Realistic velocity parameters can be obtained from published manuals and the websites of bullet/propellant manufacturers. It is available everywhere. We can also expand this approach. The *Lyman Manual* provides pressure test results of 47,800 psi for its maximum IMR-4350 load of 57.0 grains at a velocity of 2 887 fps with a flat-base bullet. Its P-V factor is 16.56. The reloader will not have the benefit we have here of also having QL and GRT simulations available, but that is the very point I am driving at.

Had these programmes been available, the reloader would not have engaged or needed to en-gage in so much number-crunching. The point I am making is that with logical number-crunching, one can at least obtain an idea of where the loads are, numbers-wise, rather than just looking at the case for misinterpretable pressure signs. Even so, this is far from an exact science.

However, if the reloader takes the P-V factor of 16.56 and multiplies it with his expected maximum expected velocity of 2 950 fps, the pressure may be around 48,852 psi. BUT his bullet is different, so pressures will differ. In **Table 3**, I ran a software simulation for several different bullets to illustrate the point. The Sierra SPFB in the Table is the closest bullet to the one listed in the ***Lyman Manual.*** The GRT simulation gives a calculation very close to the Lyman results, and the QL one is not far off either. This means that if we take a worst-case scenario and use the QL P-V factor, the pressure estimation would come to ±50,976 psi, or about 4,3% more than the Lyman-based calculation for 2 950 fps. To play it safe, we can adopt the approach of adding 5%-7% to the P-V factor for our manual-based calculations. By adding that to our ***Lyman Manual***-based estimates, we can guesstimate that our 2 950 pressures could run around 51,294-52,271 psi.

I submit that these calculations are meaningless when viewed in isolation but doing them may provide a warning when loads may be dangerous, in which case pressure signs will surely confirm it.

All this may be a lot to digest, but that is the point. A reloader who does not have access to ballistic software should use any means possible to do better than increasing loads until difficulty manifests. Just one more warning: Be sure you do not confuse CUP and psi pressure information.




Benelli
THE ALL NEW
LUPO
DOMINATE THE MOMENT
THIS CHASSIS-STYLE HUNTING RIFLE ALLOWS FOR EXCLUSIVE FIT, FEEL, AND ACCURACY RIGHT OUT OF THE BOX. WITH A 3-SHOT SUB-MOA GUARANTEE,
AIRTOUCH GRIP
STEEL BARRELED ACTION AND 3-LOCKING LUG SYSTEM
EASY LOADING
PRIMARY EXTRACTION ON STEEL
AMBIDEXTROUS SAFETY
THREADED MUZZLE
SUB-M.O.A CRIO FREE-FLOATING BARREL
DETACHABLE MAGAZINE
COMBTECH
ALUMINIUM CHASSIS
ADJUSTABLE TRIGGER PULL
PERFECT FITTING
PROGRESSIVE COMFORT
BE.S.T.
Combtech
PERFECT FITTING
Progressive Comfort
CRIO SYSTEM
FEATURES VIDEO
FORMALITO
OUTDOOR SPORTING BRANDS
Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za I tel: +27 (12) 664 – 7793/4

# PANGOLIN-VOERTUIGKLUIS

**Hou jou vuurwapens en waardevolle items veilig wanneer jy reis en vakansie hou.**




**BO:** Pangolin se H-reeks-model is in elke opsig 'n topklas-produk.



**LINKS:** Die kluis is groot genoeg om selfs die bonkigste pistool en spaarmagasyn te stoor – in hierdie geval 'n CZ Shadow 2.

Vuurwapeneienaars worstel al jare lank met die probleem wat om met jou handwapen te doen as jy 'n plek besoek waar vuurwapens nie toegelaat word nie, byvoorbeeld skole en staatskantore. Die wet bepaal dat 'n vuurwapen wat nie direk onder jou beheer is nie, toegesluit moet word in 'n kluis wat voldoen aan die voorskrifte van SABS Standaard 953-1 en 953-2. Hierdie voorskrifte bepaal onder meer dat 'n kluis ook in 'n voertuig gemonteer mag word, mits dit aan die bakwerk vasgemaak word.

Die probleem is egter dat hierdie soort kluise gewoonlik so groot en bonkig is dat dit haas onmoontlik is om hulle in 'n voertuig te monteer. Ek is al verskeie kere met hierdie tipe situasie gekonfronteer en moes maar altyd 'n plan maak. Dit is ook meeste van die tyd 'n bekommernis as ek op vakansie gaan na 'n plek wat nie 'n kluis het nie – die veilige bewaring van juwele, kontant en my pistool is dikwels 'n probleem. Veral reisende verkoopsmense en konsultante wat heeldag op die pad is, worstel met hierdie kopseer – hulle sal verkies om 'n wapen by hulle in die motor te dra, maar kan nie net enige plek 'n vuurwapen indra as hulle byvoorbeeld kliënte besoek nie. Om bloot jou wapen in die paneelkassie toe te sluit, is nié 'n opsie nie. Die spesifieke omstandighede sal natuurlik oorweeg word, maar indien jou wapen uit jou voertuig gesteel word,







**LINKS:** Die kluis in my Land Cruiser-enkelkajuitbakkie. Dit is heeltemal uit die pad en kniehalter nie die sitplek se verstellings nie. **BO:** Die unieke sleutel is een van 825 000 kombinasies en kan nie gedupliseer word nie.

kan jy onbevoeg verklaar word om 'n vuurwapen te besit.

Pangolin vervaardig 'n reeks voertuigkluise wat hierdie probleem aanspreek. Die kluis se spesifikasies oorskry dié van SANS 953-1:2018 se tipe B-kluisstandaard en is klein genoeg om aan die bakwerk van die meeste voertuie vasgemaak te word. Hierdie kluis is groot genoeg vir selfs die bonkigste handwapen en 'n spaarmagasyn. Die kluis se sleutel is een van 825 000 moontlike kombinasies en kan slegs deur die vervaardiger gemaak word. Die slotstelsel met dubbele sluitnokke het ook 'n hersluitmeganisme, wat beteken dat indien iemand met die slot sou peuter deur byvoorbeeld 'n skroewedraaier daarin te forseer, dit permanent sal sluit. In so 'n geval sal die kluis oopgebreek moet word – die kluis sal verwoes word, maar die inhoud sal ten minste beskerm bly.

Pangolin vervaardig ook enige pasmaakkluis na gelang van jou behoeftes en het 'n standaardreeks produkte om skootrekenaars en lang gewere te berg.

'n "Mosselskulp"-ontwerp sorg dat geen bewegende dele en skarniere sigbaar is nie, en die ontwerp word aangevul deur ronde hoeke om te keer sodat 'n koevoet *(crowbar)* nie vasvatplek op die kluis kan kry nie. Die kluis se staal is 3 mm dik en het 'n 480-560 HBW-hardheid (voorheen die Brinell-skaal). Die staal spog met 'n duursame Arma-Kote-bedekking.

Drie ontwerpe is beskikbaar – die basiese model (180G) het nie 'n *gas lift*-skokbreker nie.»





» Die H-reeks-model het wel een en is ook beskikbaar in ’n dokstasiemodel – die kluis kan van die dokstasie verwyder word en na ’n ander voertuig oorgedra word deur eenvoudig nog ’n basis/dokstasie-plaat in jou ander voertuig te monteer. Dieselfde geld ook as jy ’n dokstasie teen jou muur in die huis vasmaak. Sodoende kan jy die kluis rondskuif soos nodig. Die kluis kan natuurlik slegs van die dokstasie afgehaal word as dit oop is en ’n spesiale hefboom losgemaak word.

Ek het tydens ’n besoek aan Pangolin die modelle deurgekyk en sommer onmiddellik die voordeel van die dokstasiemodel besef. Ons gaan hou gereeld by die see en wildtuin vakansie en dit is maar altyd ’n groot bekommernis wat om met handwapens en vakansiekontant te doen. Ek het dadelik vir my een gekoop en die dokstasie in my Land Cruiser-bakkie teen die bakwerk agter die passasiersitplek laat monteer. Die montering pla glad nie as jy die sitplek agtertoe wil skuif nie en die kluis is so te sê uit die pad. Al my handwapens pas elk gemaklik in die kluis en as ek mooi werk, pas my beursie saam met hulle daar in – die ideale situasie vir die jagveld ook.

Die installasie in jou voertuig moet deur ’n geakkrediteerde installeerder gedoen word. Pangolin het ’n wye netwerk van hulle landwyd en ’n sertifikaat word ná installasie aan die eienaar uitgereik. My installasie het sowat ’n uur geneem. Die installeerder het spesiale boute gebruik wat van die buitekant van die bakwerk self vastrek en nie verwyderbaar is nie.

Die modelle wissel in prys van R2 500 vir die 180G-basismodel, R3 500 vir die H-reeksmodel en R4 700 vir die H-reeksmodel met ’n dokstasie. Twee sleutels kom saam met elke kluis en kan deur die vervaardiger vervang word, mits jy die unieke nommer kan verskaf. Pangolin vervaardig ook enige pasmaakkluis na gelang van jou behoeftes en het ’n standaardreeks produkte om skootrekenaars en lang gewere te berg.

*Dit is ’n topklas-produk wat ek met absolute vrymoedigheid kan aanbeveel. Ek het Pangolin se produkte op verskeie aanlyn webtuistes te koop gesien, asook by die groter “4x4”-winkels.*

*Besoek Pangolin gerus op die Internet* (www.pangolin.global) *en Facebook of skakel Mario by 082-337-9174 vir enige navrae. SAJWV-lede kwalifiseer vir 10%-afslag op bogenoemde pryse indien dit direk by Pangolin gekoop word. Jy kan ’n 180G-model kluis wen deur “Pangolin” te SMS na 38407 – sien besonderhede op vorige bladsy.*



# VOLG ONS / FOLLOW US

## FACEBOOK

SA JAGTER/HUNTER magazine **(@sajagtertydskrif)** of sluit aan by ons FACEBOOK-GROEP by
**SA JAGTER/HUNTER-Tydskrif / Magazine**

SA JAGTER/HUNTER magazine **(@sajagtertydskrif)** or join our FACEBOOK GROUP at
**SA JAGTER/HUNTER-Tydskrif / Magazine**

**SLUIT VANDAG BY ONS FACEBOOK-GROEP AAN**

**JOIN OUR FACEBOOK GROUP TODAY**

**SKANDEER HIERDIE KODE**
**SCAN THIS CODE**

## WEBBLAD/WEBSITE

Om gratis artikels uit die jongste uitgawe te lees en lekker pryse te wen, besoek SA JAGTER/HUNTER-tydskrif
**www.sajagterhunter.com**

To read free articles from the latest edition and win exciting prizes, visit SA JAGTER/HUNTER
**www.sajagterhunter.com**

**BESOEK ONS WEBTUISTE**

**VISIT OUR WEBSITE**

**SKANDEER HIERDIE KODE**
**SCAN THIS CODE**

## NUUSBRIEF/NEWSLETTER

Besoek ons webblad **www.sajagterhunter.com** en teken in op ons nuusbrief wat die eerste Donderdag van elke maand uitgaan.

Visit our webpage **www.sajagterhunter.com** and subscribe to our newsletter, which is sent out on the first Thursday of every month.

**ONTVANG JOU NUUS**

**RECEIVE YOUR NEWS**

**SKANDEER HIERDIE KODE**
**SCAN THIS CODE**



## SA SE VOORSTE JAGTYDSKRIF

Vir alles wat die jagter en bewaarder wil weet

## SA'S LEADING HUNTING MAGAZINE

Keeping the hunter and conservationist in the know

JAGTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN
HUNTER

# IN DIE HERLAAIKAMER
# IN THE RELOADING ROOM



# AANVOORWERK VIR LADINGONTWIKKELING

MET/WITH KASSIE KASSELMAN

**PJ uit Bloemfontein wil graag die volgende uitvind:** *"Ek herlaai nou al so 'n paar jaar saam met my vriend en het met sy hulp sy toerusting gebruik. Ek het net een geweer, 'n .308 Winchester, en skiet alles daarmee. Ek het vir my die basiese herlaaitoerusting gekoop en wil nou sonder hulp self my patrone begin laai. Ek skiet gewoonlik Hornady se InterBond-koeëls of selfs die Hornady InterLock as ek nie InterBond kan kry nie. Waar begin ek met ladingontwikkeling wat my minder as 'n duim groepering op 200 meter gaan gee?"*



'n Voorbereide doppie met lospassende koeëlpunt, gereed om gekamer te word.

**KASSIE REAGEER SOOS VOLG:**
Dit laat my dink aan my oupa wat gesê het: "Pasop vir die man wat net een geweer het!" Maar dit net so terloops. Ons vriend in Bloemfontein stel 'n redelike hoë eis aan homself vir 200 meter, maar dit is haalbaar as die geweer saamspeel. Om terug te keer na die eintlike vraag, net eers dié opmerking: Belê eers in kennis en dan in die uitvoering – kennis van die herlaaiprosedure en die geweer wat jy gebruik. Na aanleiding van die probleemstelling hierbo kyk ons oorsigtelik na die kennis wat ons behoort te hê van die geweer en die komponente wat ons wil hanteer.

## DRUKVLAKKE

Wat die geweer betref, moet ons seker maak tot watter drukvlakke die geweer se aksie gekwalifiseer is om druk te weerstaan en of daar dalk modifikasies aangebring is nadat die vervaardiger die kwaliteitbeheer afgehandel en afgeteken het. So byvoorbeeld is die oorspronklike .308 Winchester-aksies gekwalifiseer vir maksimum drukvlakke van ongeveer 60,200 psi (pond per vierkante duim), terwyl K98 Mauser- en RSA-aksies vir CIP-spesifikasies van 62,366 psi gebou is, en moderne aksies soos SAKO en Kelby tot drukvlakke van 65,000 psi of selfs hoër gelaai kan word. Piezo CIP *(Commission internationale permanente pour l'épreuve des armes à feu portatives)* is die standaard wat deur Suid-Afrika aanvaar is om kamerdruk te monitor. Die verpligte toets van ingevoerde of vervaardigde wapens is onlangs opgehef en word net gedoen as daar twyfel bestaan of forensiese inligting benodig word. Maak dus eers seker waartoe jou geweer is staat is deur al die nodige bronne te raadpleeg.

Moderne aksies se detail kan dikwels op die Internet verkry word, terwyl 'n mens by wapensmede, geweerhandelaars of direk by die vervaardigers moet aanklop vir inligting oor die ouer modelle. Dit is altyd goed om by 'n tweedehandse geweer se vorige eienaar vas te stel of hy enige veranderinge soos vergroting van die magasynopening, loopvervangings, ens. laat doen het en presies wat dit behels het. Indien enigiets gedoen is wat die aksie se metaaldikte of sterkte kon beïnvloed, moet deskundige advies ingewin word oor hoe dit moontlik die ladingdruk se beplanning kan raak. As jy jou eie ammunisie laai en jy skaf 'n nuwe geweer aan, dring daarop aan dat die verkoper die goedgekeurde maksimum druk wat die geweer kan weerstaan, aan jou verskaf.

## LOOP-GROEFDRAAI

Die tweede stukkie inligting wat jy benodig, is bevestiging van die geweer se loop-groefdraai *(twist rate)*. Dit is belangrik sodat jy die regte koeëlgewig kan kies om die beste resultaat uit die lading te verkry. Die .308-gewere is tot om en by die eeuwending oor die algemeen met 'n 1:12"-groefdraai vervaardig. Dit het teweeggebring dat 'n 150 grein-koeël legendaries goed uit feitlik enige .308 ge-



Maksimum patroonlengte gemerk vir meting met die skoonmaakstokmetode.

skiet het. Deesdae is dit algemeen dat .308 Win-gewere met enige groefdraai van 1:10” tot selfs 1:17” gemaak word.

’n Stywe groefdraai van 1:10” stabiliseer ’n swaarder koeël baie beter as wat ’n loop met 1:12”-groefdraai dit kan doen. Hierteenoor stabiliseer ’n ligte 135 grein-koeël uitstekend in ’n 1:14”-groefdraai-loop teen ’n hoë spoed. Wanneer dieselfde koeël deur ’n 1:10”-loop teen daardie hoë spoed geskiet word, gaan sogenaamde “oorstabilisasie” plaasvind. As dit aanhoudend só geskiet word, mag jy ervaar dat die loop heelwat vinniger gaan slyt, behalwe as die spoed verminder word, met allerhande ander gevolge wat nie deel van hierdie artikel se probleem vorm nie.

**MAKSIMUM LENGTE**

Die derde brokkie belangrike inligting wat die herlaaier moet hê voor hy ’n patroon begin “bou”, is die maksimum lengte wat die gekose koeël gaan toelaat om nog in die geweer se kamer te pas, asook die maksimum lengte wat die patroon kan wees om uit die geweer se magasyn te voer. Dit is maklik om die magasynlengte te bekom. Meet eenvoudig die lengte van die opening waarin die patroon in die magasyn gehuisves word en trek ’n halwe millimeter af om gladde voer van die patroon uit die magasyn te verseker. Die meet van die maksimum kamerlengte vir die patroon met die spesifieke koeël word op een van drie maniere gedoen: Die eerste metode is om ’n gleufie in die lengte van die doppie se nek deur albei kante te sny tot teen die skouer/nekaansluiting (sien foto regs). Buig dan die twee kante na mekaar toe sodat die koeël ligte weerstand bied as dit geskuif word. Kamer nou daardie patroon volledig en ontlaai dit versigtig sonder dat die koeël skuif. Meet die lengte van die patroon, wat nou die maksimum totale patroonlengte behoort te reflekteer indien daar versigtig te werk gegaan is. Die tweede metode is om ’n patroonlengtemeter aan te skaf en met ’n gemodifiseerde doppie die lengte te meet (sien foto regs bo). Dit is beter om ’n doppie wat uit die geweer se kamer gevuur is, te gebruik om die presiese afmetings te kry. Die derde metode is om ’n koeël (punt) by die geweer se kamer in te laat val, die koeël in posisie te hou deur ’n stafie teen die koeël se basis te druk, en dan ’n skoonmaakstok van die geweer se tromp af in die loop in te steek tot die stok se punt teen die koeël raak. (Die stok moenie




Meting van die maksimum lengte op die gemerkte skoonmaakstok.




’n Patroon met ’n koeël wat teen die lande kamer, se maksimum totale lengte word gemeet – die “meesterpatroon”.




Die “meesterpatroon” se lengte van die ogief-raakvlak af gemeet (ogief-lengtewaarde).

’n hol *[female]* skroefdraad hê nie, want dan druk die koeël se punt daarin en word ’n vals lengte aangebied. Indien die stok ’n hol punt het, maak ’n proppie met ’n plat oppervlak en pas dit in die stok se punt.) Merk dan die stok waar dit by die kroon (tromp) insteek. Verwyder nou die koeël uit die geweer se kamer en sluit die grendel in die geweer. Maak seker die slagpen is gespan en steek die skoonmaakstok weer voor by die loop in tot die stok se punt teen die grendel se gesig rus. Merk weer die stok by die kroon van die geweerloop. »

» Meet die afstand tussen die twee merkies wat op die stok gemaak is, en siedaar, dit is die maksimum patroonlengte om teen die lande voor die kamer te druk. Onthou om 'n minimum van 0,5 mm vir die .308 se gemete maksimum TPL af trek vir veiligheid en buigsaamheid tydens ladingontwikkeling. Hierdie afstand wissel tussen kalibers en soorte koeëls wat gebruik word. 'n Algemene benadering is "hoe groter die kaliber en hoe swaarder die koeël, hoe verder moet die koeël van die lande af wees".

**PATROONVOORBEREIDING**

Sodra die basiese inligting hierbo bekend is en jy op die koeël en soort slagdoppie besluit het, kan jy met die patroon se voorbereiding vir die eerste toetsskote begin. Hier is ook 'n basiese prosedure wat ek nakom om die vinnigste en voordeligste roete na aanvaarbare skootprestasie te volg. Indien dit nie bekend is nie, probeer bepaal teen watter ordespoed die koeël waarskynlik die beste gestabiliseer is vir die beste akkuraatheid. Ek verwys hierna as die teikenspoed *(target velocity)* waarna gestreef moet word. Neem die geweer se looplengte in ag, met 'n rowwe berekening dat 'n mens vir die .308 Win kan reken op 'n spoedafname of -toename van ongeveer 25 vps vir elke duim wat die looplengte verskil van die voorbeeld wat in laaitabelle aangetoon word. Hierdie sommetjie verskil natuurlik tussen verskillende kalibers en koeëlprofiele.

Gebruik dan erkende laaitabelle en laai 'n patroon of drie teen die minimum aanbevole lading vir die gekose koeël met die aanbevole of beskikbare kruit, behalwe wanneer jy goeie adviseurs het en nader aan die waarskynlik regte lading kan begin. Gaan dan na 'n skietbaan en sorg dat 'n chronograaf beskikbaar is, want sonder 'n benul van wat die koeëlspoed is, is jy besig met blinde ladingontwikkeling. Skiet nou die eerste drie skote met daardie lading en meet die spoed sodat jy aanpassings aan die lading kan doen. Die opwerk van die spoed na die teikenspoed is die eerste fase van ladingontwikkeling. Die toepassing van die formule vir die spoed/lading-faktor is 'n uiters handige hulpmiddel wanneer ballistiese programme nie beskikbaar is nie. Sodra die ordespoed waarna realisties gestreef word, bereik is, kan fyner verstellings tydens fase twee aan die lading aangebring word totdat dit stabiel is. Vir die handlaaier is 'n lading stabiel wanneer die maksimum verspreiding van skootsnelhede binne 'n sarsie minder as 30 vps is en daar nie "rondloper"-skote buite 'n groepering is nie. Pas dan die derde fase toe, naamlik die ontleding van die groepering se vorm, om deur middel van wisseling van patroonlengtes die groepies kleiner te maak.

Onthou dat wanneer 'n kaliber geweer se lading ontwikkel word waar die krimp van die patroondoppie se bek in die krimpgroef in 'n vereiste is, die patroonlengte deur die doplengte en posisie van die krimpgroef bepaal word. Die derde fase van ladingontwikkeling verval dan.

Dit is goed om te onthou dat die aksie tussen herlaaikomponente en die eienskappe van die geweer 'n dinamiese proses is. Veranderlikes veroorsaak dat hierdie dinamiese proses aanpassings verg. Hoe meer kennis en ervaring die herlaaier het, hoe doeltreffender is sy toepassing en hoe beter kan hy die gedrag van die komponente (en sy geweer) antisipeer.

Laastens wil ek graag waarsku teen oordrewe verwagtinge van 'n geweer. Onthou dat spoed in direkte verwantskap met druk staan.

Geen fisikawet sê dat 'n geweer met dieselfde ammunisiekomponente hoër drukvlakke en hoër snelhede as wat veiligheid toelaat, kan bereik as wetenskaplik getoetste resultate met soortgelyke toerusting nie. Een of ander tyd haal die teenspoed jou in, so moenie dit probeer nie!















JAGTER SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN HUNTER

**OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:**
Esmarelda Ferreira
Sel: 084-744-9948
E-pos: *esmarelda.ferreira@landbou.com*




JAGGELEENTHEDE/HUNTING OPPORTUNITIES □ TE KOOP/FOR SALE □ GESOEK/WANTED □ DIENSTE/SERVICES □ ANDER/OTHER

## JAGTERSMARKVORM | HUNTER'S MARKET FORM

**DIE ADVERTENSIE SAL VERSKYN ONDER JAGTERSMARK/HUNTER'S MARKET**

| | | | |
|---|---|---|---|
| NAAM VAN ADVERTEERDER | | | |
| ID-NO. INDIEN PRIVAAT KLIËNT | | | |
| REG-NO . INDIEN BESIGHEID | | | |
| POSADRES | | | |
| | | | |
| TEL | | FAKS | |
| SEL | | E-POS | |

| | |
|---|---|
| **ADVERTENSIE: KIES EEN (X)** | |
| A = R355 - 20 woorde (opskrif uitgesluit) - *Net bewoording* | |
| B = R1 080 - Swart/wit-bewoording met kleurlogo ingesluit - 40 mm wyd x 105 mm hoog | |
| C = R635 - Swart/wit-bewoording met kleurlogo ingesluit - 40 mm wyd x 50 mm hoog | |

Die sluitingsdatum vir die advertensies is 30 dae voor die volgende maand se uitgawe.
Geen advertensie sal geplaas word sonder 'n volledig voltooide aansoekvorm en betaling nie.

PRYSE SLUIT BTW IN. RATES INCLUDE VAT.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ADVERTENSIE VIR:** | | | |
| | | (maand) | **BEDRAG INBETAAL: R** |

**BANKBESONDERHEDE:**
Media24 Die Burger
ABSA | Rekening: 0550000059
Takkode nodig vir elektroniese inbetalings: 632005

Gebruik u Media24-rekeningnommer as verwysing indien u een het. Andersins, naam en van of in die geval van 'n besigheid, die besigheid se naam.

**E-POS BEWYS VAN BETALING NA:** *esmarelda.ferreira@landbou.com*

**KATEGORIE/CATEGORY: KIES EEN/CHOOSE ONE (X)**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JAGGELEENTHEDE/ HUNTING OPPORTUNITIES | | TE KOOP/ FOR SALE | | GESOEK/ WANTED | | DIENSTE/ SERVICES | | ANDER/ OTHER | |

**BEWOORDING VIR ADVERTENSIE :**

## JAGGELEENTHEDE | HUNTING OPPORTUNITIES

### FOR SADC MEMBERS
**BUFFALO, TROPHY – CAPRIVI, NAMIBIA**

Trophy Cape buffalo hunts available. Beautiful tented camp. Includes 7 days' accommodation, food, beer & wine, hunting vehicle, professional hunter, trackers & skinners, one hunter & one observer. R175 000. Pick-up & drop-off: Katima Mulilo, Namibia or Kasane International Airport, Botswana.

**ELEPHANT, NON-TROPHY – BUSHMANLAND, NAMIBIA**

Non-trophy elephant hunts available in Namibia's Bushmanland. Beautiful tented camp. Includes 7 days' accommodation, food, beer & wine, hunting vehicle, professional hunter, trackers, one hunter & one observer. R125 000. Pick-up & drop-off: Hosea Kutako International Airport, Windhoek, Namibia.

***Hunting Season closes 30 November 2022.***

Please contact
Anso Thormählen:
*anso@africatrophyhunting.com*
cell: +27 84 525 9009 or
Peter Thormählen:
*peter@africatrophyhunting.com*
cell: +264 81 386 5510.

**LASARUS GAME FARM, ALBERTINIA, RIVERSDALE**

Best hunting destination in Western Cape.
No hidden costs.
Rifle/bow/biltong/trophy hunt.
Full/self-catering. 45+ species.
Owners are PH and outfitters
082-443-1147/082-448-3975
*www.lasarusgamefarm.co.za*
*info@lasarusgamefarm.co.za*

**AUCH MACOY**

Agt kilometer buite Bloemfontein. Agt jagspesies.
Selfsorgeenhede.
Slag- en koelkamergeriewe.
Skakel Davin: 079-870-0499
of Maryke: 051-407-6938
*marykeb@satb.co.za*

**LOCAL HUNTING MARBLE HALL/ROEDTAN – DIPHÔFU GAME RANCH**

- 1½ hours north of Pretoria,
- We cater for all your Bushveld needs, including trophy and biltong hunting.
- Lodge accommodates 10 people. Self-catering.

Nicole: 012-346-6305
*hunting@diphofu.co.za*
*www.diphofuhuntingsafaris.co.za*
*https://www.facebook.com/Diphofu*

**SAND SPOOR SAFARIS – THABAZIMBI**

Bushveld farm – 220 km from Pretoria. Well-equipped bush camp. Eskom power.
Skinners, slaughtering and cooling facilities.
Email me for the price list.
*paul@sandspoorhunt.co.za*
*www.sandspoorhunt.co.za*
Paul Jordaan
Cell: 083-227-3420

## TE KOOP | FOR SALE

**JAGPLAAS**

5%-aandeel. Sluit die volgende in: 50 rooibokke, 10 sebras, 25 wildebeeste, ens. R550 000.
20 km van Thabazimbi.
Thys: 083-331-7326

## AKKOMMODASIE / ACCOMMODATION

**MENLOPARK, PRETORIA**

Naby UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
Nuwe ontwikkeling te koop/huur direk van die ontwikkelaar om kostes te bespaar.
Ideale BELEGGING vir toekoms (kinders/familie)
Lettie 083 440 2615
*lettie@asarealestate.co.za*

JAGTERSMARK | HUNTER'S MARKET
JAGTER HUNTER
OM IN HIERDIE MARK TE ADVERTEER:
Skakel Esmarelda by
Sel: 084-744-9948
E-pos:
esmarelda.ferreira
@landbou.com



## DIENSTE | SERVICES

**QUINTIN JORDAAN ATTORNEYS**

Firearm licence and firearm appeal applications.
(99% success rate) All other legal work.
*info@qjattorneys.co.za*
Phone: 082-805-0674
(Pretoria)

## GESOEK| WANTED

**WANTED: USED CARTRIDGE CASES (DOPPIES)**

Reloading dies *(matryse)* and reloading equipment. All common rifle calibres.
Trevor: 082-897-6899






# Leica Calonox.

## The Thermal Camera.

As a hunter, you know every shot is an ethical responsibility – you want to identify game correctly and fire a perfect shot. As a hunter, you know that ethical hunting also demands the right equipment for every situation. Now, with the new Calonox series of thermal cameras, Leica is setting new standards in modern hunting. The Leica Calonox View delivers exceptionally sharp, detailed, high-contrast images thanks to the innovative Leica Image Optimization (LIO™) feature. The Leica Calonox Sight gives you an extremely stable, reliable thermal clip-on with maximum precision and repeatability and can also be used as a thermal camera.

Every shot is a responsibility. Rely on Leica Calonox.

leica-calonox.com

Please observe relevant national legislation.

tudortech

For more information please contact Ian Hardie:
leicasales@tudortech.co.za | 082 894 1528




# MUDMASTER

**TIME** WATCH : SPECIALISTS
Canal Walk 021 552 5876 Cavendish 021 683 5511
Tygervallei 021 914 2049 Somerset 021 851 3291
www.timewatches.co.za

**WATCHES UNLIMITED**
THE PAVILION • LA LUCIA MALL • GATEWAY • BALLITO JUNCTION
www.watchesunlimited.co.za

**expert Kloppers**
Bloemfontein: 051 400 5500
Port Elizabeth: 041 394 2900
Kloppers Sport Brackenfell: 021 982
Knysna: 044 302 7800 George: 044 802 3900

**G-FACTORY**
New World Menlyn 012 368 1633
Cassims & Co 011 682 1517,
Mall of The South

**GABRIËL** JEWELLERS • WATCHES
A Fountain of Life
042 293 3800

**Cajees**
Clearwater • The Glen • Cresta • Northgate
Mall of Africa • Rustenburg • OR Tambo • Fourways

**BROADWAY JEWELLERS**
Krugersdorp: 011 660 3047
Table Bay Mall: 082 850 7002
info@broadwayjewellers.co.za
www.broadwayjewellers.co.za

Kontak ons by 011 314 8888, 0861 CASIO1 of 0861 318 888 vir jou naaste handelaar www.jamesralph.com

SPESIFIKASIES EN PRYSE ONDERHEWIG AAN VERANDERING SONDER KENNISGEWING


Sunel
Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😄
JAGTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN
HUNTER
VELDRYVERNUF
VELDRY
TYDENS JAG
SAJAGTER_22
PDF
Johan
Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry??
Sunel
Wie gee om? Stuur dit net aan.
DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N MISDAAD
MOENIE STEEL NIE
AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM
MEDIA24